

14. Ekumenisiteit en Owerheid

14.1 RAPPORT DEPUTATE VIR KORRESPONDENSIE MET SENTRALE, PROVINSIALE EN MUNISIPALE OWERHEDE (Artt 162, 163, 256, 257)

- A. Dr N Vorster stel die Rapport.
- B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie Ekumenisiteit. Maatskaplike aspekte word verwys na die Kommissie Diakonale Sake.
- C. Dr PW Bingle, voorsitter van die Deputate Ekumenisiteit: Owerheid, stel dr B du Toit van die Parlementêre Lessenaar voor.
- D. Dr B du Toit lig die Sinode toe oor die Parlementêre Lessenaar.
- E. Ds RG Aucamp bedank dr Du Toit.
- F. Dr J Pretorius rapporteer namens die Kommissie Ekumenisiteit.
- G. Oudl GC Theron stel die Minderheidsrapport van Kommissie Ekumenisiteit oor lidmaatskap by die SARK.
- H. Ds WJ Botha rapporteer namens die Kommissie Diakonale Sake.

I. RAPPORT

1. Opdrag (Acta 2003:230 & 246)

- 1.1 Deputate word aangewys om:
 - 1.1.1 namens die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die nodige skakeling met die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en ander instansies waarmee die Gereformeerde Kerke moet skakel, te onderhou;
 - 1.1.2 kerke van die GKSA by te staan in hulle skakeling met die owerhede op die verskillende vlakke; asook om, waar nodig en moontlik, met ander kerke mee te werk in die skakeling met die owerhede, waaronder die moontlike betrokkenheid by 'n "parlementêre lessenaar";
 - 1.1.3 alle rolspelers – die kerk, die samelewing en die owerheid (nasional, provinsiaal en munisipaal) – van die omvang van die *geweldsprobleem* te laat kennis neem en met mekaar in gesprek laat tree om gesamentlik te besin oor hoe die probleem van geweld die beste aangespreek kan word;
 - 1.1.4 namens die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika op te tree ten opsigte van die kapelaansdienste en moontlike soortgelyke gevalle (word vrywillige deeltydse kapelane);
 - 1.1.5 gebruik te maak van advies van en hulpdiens deur die MVI ten opsigte van immigrasie en immigrantesake;
 - 1.1.6 in samewerking met reeds bestaande instellings en organisasies (waar van toepassing) advies te gee aangaande hulpverlening tov die *armoeudevraagstuk*, veral met betrekking tot projekte vir werkverskaffing – projekte wat arm mense begelei na volhoubare inkomstes; verder om 'n getuienis te laat hoor teenoor enige sisteem en skema, van wie ook al, wat mense verarm en uitbuit.
 - 1.1.7 wetgewing voortdurend te monitor en indien nodig, in die lig van die besluite van die Sinode op te tree deur moontlike en toeganklike kanale wat die regering bied, die regering bied, te gebruik. Die Deputate moet voorgestelde wetgewing bestudeer

en in die lig van die Skrif, Belydenis, Kerkorde, Sinodebesluite en Gereformeerde etiek op die mees effektiewe wyse daarop kommentaar te lewer.

- 1.1.8 wanneer nodig, in gesprek te tree met die onafhanklike mechanismes wat die Grondwet bied ter ondersteuning van die grondwetlike demokrasie soos bv die Openbare Beskermer, die Kommissie vir bevordering en beskerming van die regte van Kultuur, Godsdiens en Taalgemeenskappe en die Menseregtekommisie.
- 1.1.9 die moontlikheid van 'n Interkerklike Gereformeerde Moniteringskomitee te ondersoek. Swart en Engelstalige Gereformeerde kerke moet, indien moontlik, saam met die drie Afrikaanse kerke betrek word. Die komitee behoort ook saamgestel te word uit Gereformeerde Etici wat bevoeg is om wetgewing te monitor en in die lig van die Skrif kommentaar daarop te lewer.
- 1.1.10 om kerke, waar nodig, oor huidige en nuwe wetgewing te adviseer.
- 1.1.11 om skakeling tussen verskillende Deputategroepe te bewerkstellig sodat gekoördineerd gewerk kan word met betrekking tot gesprek en kommentaar na die owerheid. Ander Deputate van die GKSA moet eers met hierdie Deputate skakel alvorens hulle in gesprek tree of kommentaar lewer.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake om kennis te neem

- 2.1 Die Deputate het skakeling gehad dmv telefoon, telefoonkonferensie en e-pos. Advies van kundiges is, waar nodig, oor sekere onderwerpe, ingewin. Dit word in die Rapport aangedui. Dr PW Bingle (Kaapstad) het as voorsitter van die Deputate opgetree en dr N Vorster (Bultfontein) as skriba.

Besluit: Kennis geneem.

Punte 2.2 tot 2.15 (Agenda:50-103) word as ongepubliseerde Bylae gelaasseeer.

3. Sake om oor te besluit

- 3.1 Dat die GKSA dmv die "Parlementêre Lessenaar" van die NG Kerk van SA (dr Ben du Toit, Direkteur vir Kommunikasie, Kaapstad) met die SARK en die Owerheid skakel. Die Sinode word versoek om 'n kort spreekbeurt aan dr Ben du Toit te gee om 'n aanbieding te doen oor die werksaamheid van die "Parlementêre Lessenaar".

Besluit: Goedgekeur dat 'n spreekbeurt aan dr Ben du Toit gegee word.

3.1.1 Motivering

Die kerk het in sy profetiese getuienis die koninkryk van God as rigpunt. Die grondliggende gedagte van die koninkryk is dat Christus Koning is oor die kerk en die ganse skepping. Niks val buite die domein van Christus se regering nie. Daarom is dit belangrik dat reformatoriese kerke in Suid-Afrika op 'n sigbare wyse saam met gelowiges in hulle eie invloedsfere poog om ook die proses van openbare beleidsvorming aan die lig van die Skrif te onderwerp. Die nuwe staatkundige bedeling gee aan kerke 'n unieke geleentheid om hulle roeping teenoor die koninkryk van God na te kom. Deur 'n Gereformeerde ekumeniese liggaaam wat wetgewing monitor kan kerke vanuit die reformatariese tradisie in dialoog met ander sosiale groepe 'n verskil in die beleidmakende prosesse van die land maak. Die sukses van die evangeliese kerke in die Verenigde State van Amerika in die monitoring van wetgewing is 'n treffende voorbeeld van die invloed wat so 'n liggaaam kan uitoefen.

Al is dit so dat die krag en gewigting van die kerk se getuienis deur die inhoud gedra moet word, werk die koppe van bewindhebbers nie altyd so nie. Dit is dus vanselfsprekend dat hoe groter die belangsgroep (constituency) is namens wie die voorlegging gedoen word, hoe ‘swaarder’ sal die waarde daarvan weeg. Hoe groter die kerke se lidmatetal, hoe sterker die getuienis. Hoe meer (deurdagte) memoranda en fakse op die tafel beland, hoe doeltreffender. Daarom is daar groot wysheid in om die medewerking en ‘vennootskap’ van kerke en geloofsgroepe (in soverre as wat moontlik en verantwoordbaar is), te verkry.

Om ‘n invloedryke rol te speel, is die omvang van monitering van aktiwiteite van die regering – al is dit net ten opsigte van sekere funksies waarby die kerk meer belang het – van so ‘n groot omvang dat dit nie op ‘n lukraak manier doeltreffend gedoen kan word nie. Om maar enkele voorbeeld te noem: skakeling moet met Staatsdepartemente bewerkstellig word; alle tersaaklike beleidsdokumente moet bestudeer word; ook moet belangrike koerante, die Staatskoerante (waarin aankondigings, uitnodigings vir kommentaar en wetsontwerpe gepubliseer word) bestudeer word.

Dit is duidelik dat om skakeling met die Owerheid suksesvol te hanteer, nie doeltreffend deur net een ‘ankerpersoon’ (bv ‘n emerituspredikant) vervul kan word nie. ‘n Databank van kundiges om vanuit Christelik-etiese waardes op ‘n ad hoc-basis konsepwetgewing te moniteer, moet opgestel word. Die daarstelling van sodanige databank is ‘n saak wat die ernstige aandag van die kerke verdien.

Die Sinode van 2000 het aan die Deputate vir Korrespondensie met die Owerheid opdrag gegee om “waar nodig en moontlik, met ander kerke mee te werk in die skakeling met die owerhede, waaronder die moontlike betrokkenheid by ‘n ‘luisterpos’ by die Parlement.”

In die lig daarvan dat die burgerlike gemeenskap in ooreenstemming met die beginsel van deelnemende demokrasie by wetgewende en beleidmakende prosesse betrek word, is die voorstel dat ‘n Gereformeerde ekumeniese moniteringsliggaam van wetgewing tot stand gebring moet word om betrokke te raak by openbare beleidsvorming. Die Deputate is van oordeel dat die Algemene Sinode van die NG Kerk se “parlementêre lessenaar” as deel van ‘n sinodale leraarspos – Direkteur vir Kommunikasie (dr Ben du Toit, Kaapstad) – daartoe geleentheid bied. Deel van sy pligstaat is om wetgewing te moniteer, aksies van optrede te inisieer, kundigheid ‘in te koop’ en inligting te kommunikeer. Die Deputate GKSA het reeds met dr Ben du Toit in hierdie verband onderhandel. Die NG Kerk verwelkom dit.

Besluit: Kennis geneem.

3.2 Lidmaatskap SARK

Die Deputate is van oordeel dat die GKSA aansoek om lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) moet doen en beveel so by die Sinode aan. Terselfdertyd beveel die Deputate aan dat Sinode Middellande gevra word om saam met Sinode Potchefstroom aan te sluit by die SARK.

(a) Motivering

In die lig daarvan dat gesamentlike kerklike getuienis binne die nuwe grondwetlike bestel baie belangrik is, meen die Deputate dat die GKSA by die SARK moet aansluit omdat dit vir die GKSA groter direkte toegang tot die owerheid sal gee. Terselfdertyd sal dit ons kerke in staat stel ‘n meer invloedryke rol binne die breëre kerklike omgewing te speel. Die teologiese klimaat binne die SARK het sedert 1994 baie

verander, terwyl die struktuur van die SARK kerke toelaat om hulle eie identiteit te behou. Lidkerke hoef nie met besluite van die SARK in te stem nie, en kan op hulle eie getuienis lewer en inisiatiewe loads wanneer nodig. Hierdie faktore maak dit makliker vir die GKSA om aan te sluit by die SARK. Ongelukkig word daar nie meer deur die konstitusie van die SARK voorsiening gemaak vir kerke met waarnemerstatus nie, met die gevolg dat die GKSA of deel moet word van die struktuur, of buite bly.

(b) Beredenering

- (i) Betrokkenheid by die SARK is nie 'n nuwe saak nie (vgl Acta 1976:366; Acta 1997:177, 3.2.3). Waarnemerstatus by die SARK is egter nie meer moontlik nie, met die gevolg dat die GKSA nou moet besluit om lid te word van die SARK of bande met die organisasie te breek. Goeie redes sal vir laasgenoemde aangevoer moet word.
- (ii) Die GKSA het 'n roeping om op gereformeerde grondslag profetiese getuienis in die wereld en aan die owerheid te gee (vgl Kol 2:8 en Joh 9:5; 1 Pet 3:15).
- (iii) Die Deputate het getuienis gelewer van gesprekke met die Bestuur van die SARK wat die teenwoordigheid van die GKSA positief en vriendelik sou verwelkom het.
- (iv) Die beskikbare Grondwet van die SARK bevat duidelike beleidsuitsprake oor hulle Christelike belydenis:

Besluit: Kennis geneem.

“PREAMBLE

- 1 *The South African Council of Churches is a fellowship of Churches and organisations which confess the Lord Jesus Christ as God and Saviour, according to the Scriptures, and therefore seek to fulfill their common calling to the glory of the one God, Father, Son and Holy Spirit.*
- 2 *The Council affirms, on the basis of the Scriptures, that the Church is the Body of Christ and therefore is one. Though obscured and marred by sinful division, this unity of all Christians is the gift of God and does not need to be created.*
- 3 *Under the guidance of the Holy Spirit the Council is an instrument and servant of the Churches, committed to stimulating and effecting fellowship, co-operation and unity among its member Churches and all other Christians in their common mission in the world. The work of the Council is based on the recognition of Jesus Christ as the divine Head of the Body and is to the glory of the one God, Father, Son and Holy Spirit.*
- 4 *The theological basis of the Council is a common confession of the Christian faith of its members and is not a credal test of Churches or individuals. The Council is not committed to anyone theological understanding of the Church, and membership of the Council does not imply acceptance of any specific doctrine of the Church.”*
- (v) Die SARK stel aan die GKSA geen voorwaardes oor wysiging of moontlike wysiging van sy Belydenis ten einde lid te word nie. Inteendeel, saam met ander kerke van gereformeerde belydenis (soos die NGK en NHK) kan die gereformeerde leer 'n betekenisvolle stem verkry.
- (vi) Ander weë om getuienis te lewer bestaan. Veral betrokkenheid van kerke op derde vlak regering deur byvoorbeeld “fraternals” kan baie effektief wees.

Op die hoogste vlak van skakeling met die regering is die SARK by verre die effektiëfste voertuig om met die owerheid te skakel. Liggeme soos die TKK en die Konvent van Reformatoriiese Kerke het baie beperkte invloed vir doeleindes van skakeling met die ouwerheid.

- (vii) Negatiewe persepsies oor die SARK in die GKSA behoort nie onderspeel te word nie, maar moet bestuur word deur die waarheid oor die SARK in elke situasie te omhels en op gepaste wyse daaroor aan die kerke en in die wêreld te getuig.
- (viii) 'n Minderheidsrapport sal ook voorgelê word.

Besluit: Kennis geneem.

(c) Minderheidsrapport oor lidmaatskap by SARK

(i) Sake waarvan kennis geneem kan word

Die Minderheidsrapport handel oor die aanbeveling van die Deputate Ekumenisiteit dat die GKSA lid word van die SARK.

(ii) Beredenering

Die Deputate beveel aan: "Die GKSA doen aansoek om lidmaatskap van die SARK"

- a) Die kerk word deur Christus geroep om te getuig (Hand 1:8)
- b) Hierdie getuienis van die kerk moet in die wêreld waar en suiwer wees (vgl die 9de Gebod).
- c) Die getuienis van die kerk moet gehoor word tot sy wederkoms.
- d) Die kerk mag nie haar verantwoordelikheid oorskui op die skouers van 'n ander liggaam of organisasie nie. Na ons mening hoef die GKSA nie deel te wees van 'n groter organisasie of raad om effektiëf te getuig en haar roeping uit te leef nie.
- e) Die Deputate toon volgens ons nie genoegsaam aan dat dit van wesenlike belang is dat die GKSA lid van die SARK moet wees om haar roeping uit te leef nie.
- f) Die gevaar bestaan eerder dat die suiwer stem van die GKSA sodanig verswelt word deur 'n meer getemperde standpunt, dat dit later glad nie meer duidelik gehoor word nie.
- g) Die kerk moet ook getuig teenoor die owerheid, maar moet tog ook versigtig wees dat haar getuienis nie verpolitiseer word nie.
- h) Die Mugabe regering is aangespreek oor sy beleid van gedwonge verskuiwings (Informele nedersettings)
- i) Die SARK het geswyg oor die grondhervormingsplan en die afsetting van blanke boere van hul plase deur die Mugabe regering.
- j) Die ontdekking van massagrafte in Namibië is verpolitiseer. Dit is nie hoe 'n kerk sy profetiese boodskap uitdra in die wêreld nie.
- k) Met die hofuitspraak oor huwelike tussen persone van dieselfde geslag (gay en lesbiese huwelike), het die SARK hom verbly oor die uitspraak. Die GKSA het so pas met die aanvang van hierdie Sinode persverklarings gemaak wat sê ons het duidelikheid oor die saak. Dit is daarom nie op ons tafel nie.
- l) Die basis vir ons gemeenskap met ander kerke en kerkverbande is by die Belydenisskrifte.

- m) Ons gemeenskap en samewerking met ander kerke binne 'n oorkoepelende raad, kan nie net 'n grondwet wees nie, maar steeds ons Belydenis.
- n) Aansluiting by die SARK sal 'n invloed hê op ons verhouding met ander Gereformeerde Kerke in Ekumeniese verband.

(iii) Bevindings

- a) Uit bogenoemde beredenering blyk dit nie noodsaaklik te wees om lidmaatskap van die SARK te verkry nie. Daar is ander wyses om die GKSA se profetiese opdrag uit te voer.
- b) Dit is nie wenslik dat die GKSA hom verbind aan 'n organisasie wat politieke uitsprake maak en hom verbly oor sake wat die GKSA, met Woordbegronding, as sonde beskou nie.
- c) Dit is nie wys om die kerk, waarvan lidmate reeds onrustig is oor verskeie vorige sinode besluite, nog meer onrustig te stem nie.

(iv) Aanbeveling

Die Sinode gee nie gehoor aan die Deputate se voorstelle nie:

Besluit: Nie gevolg gegee aan die Minderheidsrapport nie. (Kyk 3.2 hierbo.)

Einde van Minderheidsrapport

Besluit: 3.2 hierbo word goedgekeur met die volgende byvoeging:

- (a) "Die Sinode stel dit duidelik dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika hul onafhanklikheid behou en nie per assosiasie verantwoordelikheid aanvaar vir elke standpunt en handelinge van die SARK nie."
- (b) Die Deputate kry opdrag om ernstige en wesenlike punte van verskil aan ons lidmate te kommunikeer.
- (c) Die Deputate kry opdrag om die volgende Sinode te adviseer oor die voortsetting van ons lidmaatskap".

Verdere sake om oor te besluit

- 3.3 Die Sinode dra dit aan die te benoeme Deputate Owerheid op om op grond van ons Gereformeerde Belydenis 'n grondige beoordeling van die grondwetlik-demokratiese staatsbestel waarbinne die RSA tans staan, te maak en dit aan die Part Sinodes, Klassisse en gemeentes voor te lê as riglyn vir gesprekke met die regering van die dag en ander owerheidsinstansies.

Reikwydte van hierdie beoordeling

Dit is belangrik om duidelik te stel wat hierdie beoordeling wil doen en nié wil doen nie. Die verslag is 'n beoordeling van die grondwetlik-demokratiese bestel (soos verwoord in die 1996-grondwet) op grond van ons Belydenis (soos verwoord in NGB, art 36). Dit het die volgende implikasies vir hierdie beoordeling:

- 3.3.1 Die beoordeling moenie die beleid van die huidige regering evalueer nie, omdat onderskei moet word tussen staat en regering, asook tussen staatsbestel en regeringsbeleid.
- 3.3.2 Die beoordeling moet ook nie die mate waarin die staat, regering en burgerlike samelewning van ons land in gebreke bly om 'n egte grondwetlike demokrasie te vorm, bespreek nie.
- 3.3.3 Die verslag wil nie voorgee om 'n volledige beoordeling van die grondwetlik-demokratiese staatsbestel te wees nie, aangesien hier vanuit 'n baie spesifieke hoek na die betrokke bestel gekyk word.

- 3.3.4 Die doel wat hierdie beoordeling wél moet dien, is om in die lig van ons Belydenis, te oordeel hoe die kerk sy taak as dienaar van God binne 'n grondwetlike demokrasie kan volvoer. Terselfdertyd moet vasgestel word hoe en of artikel 36 NGB, volgens sy huidige formulering, uitvoerbaar is binne die staatkundige realiteit waarin ons onsself bevind.

Besluit: Nie gevolg gegee aan 3.3 nie.

- 3.4 Motivering vir beoordeling. In 1994 is 'n grondwetlike demokrasie (regstaat) in Suid-Afrika gevestig wat 'n verskuwing in die verhouding tussen die owerheid en kerke gebring het. Sedert 1994 het dit duidelik geword dat die tradisionele werkswyse wat deur die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika (voortaan GKSA) gevvolg is om getuenis teenoor die owerheid te lewer hersien moet word. Terselfdertyd het NGB, art 36 binne 'n historiese konteks ontstaan waarin die teokrasie as staatsvorm gehandhaaf is. Die werklikheid is egter dat ons situasie radikaal verskil van die situasie waarbinne die NGB ontstaan het. Dit is daarom noodsaaklik om aandag te skenk aan die hermeneutiese vraagstuk: Hoe lewer ons getuenis binne 'n nuwe staatkundige opset? Hoe kom ons tot 'n verantwoorde lees van die Belydenisskrifte waarin die verskil in historiese konteks ernstig opgeneem word, maar waarin ons steeds poog om ernstig te luister na wat vir ons gesê word?

Besluit: Nie gevolg gegee aan 3.4 nie.

- 3.5 Dit word by die Sinode aanbeveel dat GKSA met Solidariteit Alliansie (SA) meewerk ten einde die toenemende armoede vraagstuk aan te spreek.

Besluit: Die SDDS word aangewys om as benoemingsliggaam persone te benoem om in persoonlike hoedanigheid op die direksie van die Alliansie (art 21 maatskappy) te dien. (Die SDDS kan in terme van KO, art 30 nie lid word van 'n art 21 maatskappy nie.)

- 3.6 Die Sinode moedig die Partikuliere Sinodes aan om Deputate te benoem vir skakeling met die betrokke provinsiale owerhede. Kerkrade word aangemoedig om met plaaslike owerhede te skakel.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig. (Wysigings is hierbo aangebring – Deputate Handelinge.)

- 3.7 Die Sinode roep lidmate op om hulle roeping kragtens die amp van die gelowige ook in landsake getrou na te kom.

Besluit: Goedgekeur.

- 3.8 Die Sinode besluit dat die GKSA saam met die ander Afrikaanse Kerkgemeenskappe met die nuwe instansie, wat tot stand gebring is met die ontbinding van die MVI, sal meewerk deur middel van die diakonale Deputate.

Besluit: Die SDDS word aangewys om as benoemingsliggaam persone te benoem om in persoonlike hoedanigheid op die direksie van die nuwe instansie te dien.

4. Opdrag aan die te benoeme Deputate

- 4.1 Deputate word aangewys om:

- 4.1.1 namens die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die nodige skakeling met die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en ander instansies waarmee ons as Gereformeerde Kerke moet/kan skakel (soos bv Solidariteit Alliansie) te onderhou;
- 4.1.2 kerke van die GKSA by te staan in hulle skakeling met die owerhede op die verskillende vlakke; asook om, waar nodig en moontlik, met ander kerke mee te werk in die skakeling met die owerhede;

- 4.1.3 met die “Parlementêre Lessenaar” van die NG Kerk saam te werk en ook daarvoor te begroot;
- 4.1.4 ‘n verteenwoordiger te benoem om GKSA by SARK te verteenwoordig en sodoende toeganklikheid en inspraak by die regering te hê;
- 4.1.5 wetgewing te moniteer en indien nodig, op te tree in die lig van die besluite van die Sinode, deur moontlike en toeganklike kanale wat die regering bied, te gebruik. Die Deputate moet voorgestelde wetgewing bestudeer en in die lig van die Skrif, Belydenis, Kerkorde, Sinodebesluite en Gereformeerde etiek op die mees effektiewe wyse daarop kommentaar te lewer;
- 4.1.6 wanneer nodig, in gesprek te tree met die onafhanklike meganismes wat die Grondwet bied ter ondersteuning van die grondwetlike demokrasie soos bv die Openbare Beskermer, die Kommissie vir bevordering en beskerming van die regte van Kultuur, Godsdiens en Taalgemeenskappe en die Menseregte-kommissie;
- 4.1.7 die moontlikheid van ‘n Interkerklike Gereformeerde Moniteringskomitee te ondersoek. Swart en Engelstalige Gereformeerde kerke moet, indien moontlik, saam met die drie Afrikaanse kerke betrek word. Die komitee behoort ook saamgestel te word uit Gereformeerde Etici wat bevoeg is om wetgewing te monitor en in die lig van die Skrif kommentaar daarop te lewer;
- 4.1.8 skakeling tussen verskillende Deputategroepe te bewerkstellig sodat gekoördineerd gewerk kan word met betrekking tot gesprek en kommentaar na die owerheid. Ander Deputate van die GKSA moet eers met hierdie Deputate skakel alvorens hulle in gesprek tree of kommentaar lewer;
- 4.1.9 die skrywe wat die Sinode van die Transvaalse Landbou Unie (TLU) ontvang het word aan die Deputate Ekumenisiteit: Owerheid oorhandig om die relevante temas daarin met die owerheid te bespreek.

Besluit: Goedgekeur.

5. Begroting

Sal afsonderlik ingedien word.

Besluit: Kennis geneem.

14.2 RAPPORT DEPUTATE EKUMENISITEIT – BINNELANDS

- A. Ds PW Kurpershoek stel die Rapport.
- B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie Ekumenisiteit.
- C. Dr J Pretorius rapporteer namens die Kommissie Ekumenisiteit.

D. RAPPORT

1. Opdrag (Acta, 2003:160-171, 234-235)

1.1 Oorhoofse doel

- 1.1.1 Alle gesprekke van die Deputate het kerklike eenheid binne die Gereformeerde tradisie in Suid-Afrika ten doel.
- 1.1.2 Begin nuwe gesprekke met ander binnelandse kerke binne die Gereför-meerde tradisie binne die raamwerk van *ekumeniese kontak*, *ekumeniese bande* en *ekumeniese eenheid*.

Besluit: Kennis geneem.

1.2 TKR

- 1.2.1 Gaan voort met die gesprek met die gespreksgenote in die Tussenkerklike Raad naamlik die Nederduitse Gereformeerde Kerk en Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

1.2.1.1 *Kritiese gesprek*

- 1.2.1.1.1 Dat die te benoeme Deputate voortgaan met die kritis- opbouende gesprek oor 'n hedendaagse vertolking van die Belydenis.
- 1.2.1.1.2 Dat die gesprek oor kerklike eenheid voortgaan.

1.2.1.2 *Samewerking*

- 1.2.1.2.1 Dat met dank deelgeneem word aan Kerkspieël 2004.
- 1.2.1.2.2 Dat meegedoen word aan die stigting van die Tussenkerklike Raad ooreenkomsdig die konsep grondslag wat die aanwys van Deputate impliseer.
- 1.2.1.2.3 Dat Deputate aangewys word om die GKSA by die Tussenkerklike Kommissie te verteenwoordig totdat die TKR tot stand gekom het wat dan die funksies van die TKK oorneem.
- 1.2.1.2.4 Dat die te benoeme Deputate opdrag kry om voort te gaan met die bilaterale gesprekke oor die definiëring van die ekumeniese verhoudings tussen die deelnemende kerke aan die TKR.
- 1.2.1.2.5 Dat met die ander deelnemende kerke aan die TKR nou saamgewerk word met betrekking tot bediening aan lidmate in die buiteland.

1.2.1.3 *Getuienislewering*

- 1.2.2 Verteenwoordig die GKSA in die te stigte Tussenkerklike Raad.
- 1.2.3 Rig uitnodiging na Sinode 2006.

Besluit: Kennis geneem.

1.3 APK

- 1.3.1 Gaan voort met die gesprek met die Afrikaanse Protestantse Kerk.
- 1.3.2 Rig uitnodiging na Sinode 2006.

Besluit: Kennis geneem.

1.4 Konvent

- 1.4.1 Wys afgevaardigdes aan na die Konvent vir Reformatoriiese Kerke.

Besluit: Kennis geneem.

1.5 Sinodes Soutpansberg en Middellande

- 1.5.1 Voer gesprek met die Sinodes Soutpansberg en Middellande oor die sake wat deur Sinode 2000 na hierdie Deputate verwys is en nog nie afgehandel kon word nie asook ander sake wat deur die Sinode besluit mag word.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode moet besluit

2.1 Nuwe gesprekke met ander binnelandse kerke binne Gereformeerde tradisie

- 2.1.1 Die Deputate het probeer bepaal watter kerkgemeenskappe moontlik kontak mee gemaak sou kon word.
- 2.1.2 Tydens die Konvent 2004 en 2005 kon daar op informele wyse met verskeie binnelandse kerkgemeenskappe met 'n Gereformeerde belydenisgrondslag gesprek gevoer word. Hierdie kerke word onder 2.9 nader aangedui.

Aanbeveling

- 2.1.3 Die Sinode gee die nuwe Deputate opdrag om hul gesprekke met binnelandse kerkgemeenskappe met 'n Gereformeerde grondslag voort te sit en die volgende Sinode te adviseer met watter kerkgemeenskappe ekumeniese verhoudinge op 'n vaster basis daargestel behoort te word.

Besluit: Goedgekeur.

2.2 Suid-Afrikaanse Raad van Kerke

- 2.2.1 Die Deputate het probeer om skriftelik en persoonlik kontak te maak met die SARK.
- 2.2.2 Met die opstel van die Rapport word steeds gepoog om kontak te bekom. Daar sal oor hierdie saak aanvullend gerapporteer word.

Besluit: Kennis geneem.

2.3 Tussenkerklike Raad (TKR): Stigting en werkswyse

- 2.3.1 Sinode 2003 het goedgekeur dat meegedoen word aan die stigting van die Tussenkerklike Raad (TKR). Die **doel van die TKR** is om die eenheid tussen die deelnemende kerkgemeenskappe te belewe en te bevorder en om die totale samewerking tussen die betrokke kerkgemeenskappe hechter te koördineer, te bevorder en uit te bou op pad na die eenheid waarna in opdrag van die Here van die kerk, Jesus Christus gestreef word.
- 2.3.2 Die **stigting van die TKR** het formeel plaasgevind tydens 'n ope aandbyeenkoms in die kapel van die NGK Kerk Suidoos-Pretoria op 26 Februarie 2004. Hierdie byeenkoms is deur vorige en huidige lede van die afvaardigings en deur belangstellende lidmate vanuit die onderskeie kerkgemeenskappe bygewoon. Tydens hierdie byeenkoms het drie persone wat in die verlede by die TKK betrokke was, naamlik proff Bouke Spoelstra (GKSA), Adriaan Pont (NHK) en dr Dirk Viljoen (NGK) hul herinneringe oorgedra. Twee huidige lede van die TKR, te wete proff Dries du Plooy (GKSA) en Pieter Coertzen (NGK), het hul indrukke weergegee en beklemtoon in watter mate daar tans 'n gesindheid van toenadering beleef word. Dr Coenie Burger (NGK) het gewys op die gesamentlike verantwoordelikheid om roepingsbewus vorentoe te kyk en te leef – as kerkgemeenskappe wat mekaar nodig het.
- 2.3.3 Die TKR het in 'n groot mate die **werkswyse** van die Tussenkerklike Kommissie (soos gerapporteer aan Sinodes 2000 [Acta, 2000:240-2] en 2003 [Acta, 2003:161]) gehandhaaf. Werkswinkels word twee keer per jaar gehou waartydens

aan drie fokuspunte aandag gegee word, naamlik: *Krities-opbouende Gesprek*, *Samewerking* en *Openbare Getuienis*. Die TKR het drie Subkommissies aangewys wat moet sorg dat elkeen van die drie fokuspunte sinvol beplan en uitgebou word.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbevelings

- 2.3.4 Die Sinode neem met dank kennis van die stigting van die TKR en die gepaardgaande gesindheid van toenadering wat beleef word.
- 2.3.5 Die Sinode spreek die vertroue uit dat die TKR daartoe sal bydra dat die oorhoofse doel van kerklike eenheid uitgebou, beleef en verwesenlik kan word.
- 2.3.6 Die Sinode wys sewe Deputate aan inlyn met die Grondslag van die TKR om as afgevaardigdes by die TKR sitting te neem.
- 2.3.7 Die Sinode begroot vir alle relevante koste wat die Deputate moet aangaan vir hul werkzaamhede as deel van die TKR.

Besluit: Goedgekeur.

2.4 Tussenkerklike Raad (TKR): Krities-opbouende gesprek

2.4.1 Eietydse vertolking van die Belydenis

2.4.1.1 Die krities-opbouende gesprek word tans gevoer aan die hand van 'n eietydse vertolking van die Belydenis. 'n Subkommissie van die TKR – bestaande uit een persoon uit elke kerkgemeenskap – berei vir elke werkswinkel 'n gespreksdokument oor 'n spesifieke leerstellige onderwerp voor. In hierdie gespreksdokument word gepoog om 'n kernagtige samevatting van die betrokke leerstellige onderwerp te gee. Hierdie samevatting word belig deur te fokus op die Bybelse begronding, die neerslag in die belydenis, die relevante theologiese debat van die dag en konkrete besprekingsvrae.

2.4.1.2 Sedert Sinode 2003 is aandag gegee aan die volgende leerstukke:

- i. Die Bewerker van die Verlossing
- ii. Wie is God? – Die bestaan en enigheid (wese) van God
- iii. Wie is God? – God wat skep en onderhou
- iv. Wie is God? – Die Drie-enigheid van God

2.4.1.3 Met elke gesprek het dit duidelik geword dat die drie kerkgemeenskappe ten opsigte van die kernbelydenis oor die onderskeie leerstukke volmondig met mekaar saamstem. Ten opsigte van fyner nuanses en dogmatiese onderskeidinge bestaan verskille wat egter nie die wesenlike eenheid in die geloof teëgaan nie.

2.4.1.4 Ten einde die krities-opbouende gesprek te bevorder, is besluit dat met die opstel van die gespreksdokumente en met die gesprek self enersyds gesorg moet word dat die evaluering van die verhouding tussen die kerkgemeenskappe plaasvind (onder andere deur ooreenkoms en verskille tussen kerkgemeenskappe te formuleer), terwyl andersyds 'n geloofsverklaring voorberei en bekendgestel moet word om die eenheid in belydenis wat telkens na vore kom, openbaar te maak.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbevelings

2.4.1.5 Die Sinode neem met dank kennis dat die TKR steeds met erns aan die krities-opbouende gesprek aandag gee en dat die drie kerkgemeenskappe met openhartigheid met mekaar oor belangrike punte van die belydenis praat.

- 2.4.1.6 Die Sinode gee die nuwe Deputate opdrag om die kritis- opbouende gesprek voort te sit aan die hand van 'n eietydse vertolking van die Belydenis.

Besluit: Goedgekeur.

2.4.2 Belydenis van Belhar

- 2.4.2.1 As gevolg van die gesprek binne die NG Kerk aangaande die status van die Belydenis van Belhar, het dit nodig geword dat binne die TKR gesprek gevoer word aangaande die Belydenis van Belhar.

- 2.4.2.2 Die doel van hierdie gesprek is om aandag te gee aan die volgende sake:

- i. Die inhoud van die Belharbelydenis.
- ii. Die kenmerke waaraan 'n Belydenisskrif moet beantwoord.
- iii. Die voorwaardes tot belydenisvorming.
- iv. Die verhouding van die Belharbelydenis tot die ander Gereformeerde Belydenisskrifte.
- v. Die effek of implikasies van die moontlike aanvaarding al dan nie van die Belharbelydenis op die verhoudinge tussen die onderskeie kerkgemeenskappe.

- 2.4.2.3 Met die opstel van die Rapport is hierdie gesprek nog nie gevoer nie en daarom sal met die Aanvullende Rapport verder hieroor gerapporteer word.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling

- 2.4.2.4 Die Sinode spreek sy waardering uit dat proaktief aandag gegee word aan die moontlike implikasies van die Belydenis van Belhar vir die verhouding tussen die onderskeie kerkgemeenskappe.

Besluit: Goedgekeur.

2.5 Tussenkerklike Raad (TKR): Gesprek rondom roeping

- 2.5.1 As deel van die kritis- opbouende gesprek met die spesifieke fokus op kerklike eenheid is gesprek gevoer rondom ons roeping as kerke en kerkgemeenskappe in Suidelike Afrika.

- 2.5.2 In hierdie gesprek het die TKR (aanvanklik nog nie TKK) bewus geword van die wesenlike rol wat 'n helder verstaan van ons roeping in die kerk-wees van Gereformeerde kerke speel. Juis as Afrikaans-Gereformeerde kerke het die onderskeie kerkgemeenskappe 'n definitiewe rol te speel in ons land. Gevolglik behoort kerkgemeenskappe en kerke sterk aangemoedig te word om geleenthede te skep waar in diepte oor roeping gepraat kan word.

- 2.5.3 Vanuit die gesprek het die TKR die volgende verklaring opgestel:

Die kerke verteenwoordig in die Tussenkerklike Raad, naamlik die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Kerk erken die Koningskap van die Drie-enige God oor alles en almal. Voor Hom buig ons. Uit Hom leef ons. Ons glo en bely steeds dat ons deur die Here geroep is om Hom in hierdie deel van die wêreld te dien en te volg. Ons glo dat ons saam met die ander kerke deel van God se manier is om sy Ryk hier te laat kom. Ons is oortuig dat indien ons in die tyd waarin ons leef sou fokus op die onderstaande sake, ons 'n besondere bydrae tot ons samelewing kan maak:

- 1 In ons verstaan van God en die lewe, asook ons roeping, wil ons ons laat lei deur die boodskap van die Bybel. Ons wil die uitdaging aanvaar om in

- 'n tyd waarin die Bybel in die spervuur is, God se Woord opnuut weer te laat leef in deeglike en deurleefde verkondiging en toerusting. Ons wil die vreugde van omgang met die Woord in huisgodsdiens en in 'n persoonlike omgang daarmee terugbring. Ons wil ook die uitdaging aanvaar om nie weg te deins vir die kritiese vrae wat aan ons kerke oor die Bybel en haar Boodskap gevra word nie, maar wil hierin 'n geleentheid sien om op 'n verantwoorde wyse vanuit die Bybel te getuig oor die Hoop wat in ons leef.
- 2 Ons is oortuig dat ons binne die Suider-Afrikaanse gemeenskap(pe) moet help om 'n grondige debat oor 'n stel morele waardes vir ons samelewing op dreef te kry. So 'n stel waardes sal rigtinggewend wees indien ons gemeenskap(pe) met vrede en voorspoed wil leef. Hierdie waardes moet veral op die volgende lewensterreine ontwikkel word: armoede en die ekonomiese stelsels binne gemeenskappe, arbeid, die ekologie, die basiese boustene vir 'n gemeenskap (bv familie), multi-kulturaliteit. Die TKR en die verteenwoordigde kerke is bereid om inisiatief te neem in die totstandkoming van sodanige gesprekke.
 - 3 Te midde van die ontstellende fisiese, etiese en geestelike nood in ons samelewing, is ons oortuig dat ons as TKR en die verteenwoordigde kerke die mede-verantwoordelikheid het om hoop te bedien en sin aan te duif. Ons is oortuig die Here roep ons om met woord en die gekruisigde en opgestane Jesus Christus as enigste hoop te verkondig. Ons wil daarom as kerkgemeenskappe betrokke raak om gelowiges oor die wye spektrum van ons samelewing toe te rus om 'n verskil te maak op grondvlak. Hier dink ons onder ander aan sake soos morele verval, armoede/werkloosheid, MIV/Vigs, gemeenskapsontwikkeling, die omgewing, rassisme/seksisme, misdaad en geweld, ens. Ons is oortuig ons kan in die krag van die lewendige Here die reuse wat ons samelewing bedreig, oorwin.

Ons wil in die styl van Jesus dien.

2.5.4 In aansluiting by die verklaring word met die skryf van hierdie Rapport deur 'n spesifieke Kommissie aandag geskenk aan die vraag hoe die gesprek rondom morele waardes (vergelyk verklaring 2) geïnisieer kan word en watter raamwerk vir morele waardes daargestel behoort te word. Oor hierdie saak sal DV aanvullend gerapporteer word.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling

2.5.5 Die Sinode roep alle kerke op om geleenthede daar te stel om te besin oor hul roeping in Suid-Afrika – in hul spesifieke omgewing.

Besluit: Goedgekeur.

2.6 Tussenkerklike Raad (TKR): Samewerking

2.6.1 Die opdrag van die TKR – soos beskryf in die Grondslag van die TKR – is *om kerklike eenheid op grond van dieselfde belydenisskrifte in Jesus Christus te belewe en te bevorder deur* (onder andere)

5.5.2 kennis te neem van bestaande samewerkingsterreine en 'n geheelbeeld daarvan aan die saamwerkende kerkgemeenskappe te gee;

5.5.3 nuwe samewerkingsterreine tussen die saamwerkende kerkgemeenskappe te identifiseer, te koördineer, en met verantwoording aan die onderskeie mandaatgewers uit te bou;

- 2.6.2 Binne hierdie fokuspunt van samewerking is daar gedurende die afgelope termyn baie vordering gemaak. Tot op datum van hierdie Rapport is reeds oor ses samewerkingsterreine gesamentlik besin, naamlik diens van barmhartigheid, jeugbediening, onderwys, liturgiese en himnologiese sake, kerklike media en gesamentlike gemeentelike bediening.
- 2.6.3 Die werkswyse wat gevvolg word, is dat vir 'n spesifieke samewerkingsterrein verteenwoordigers uit elke kerkgemeenskap gevra word om 'n kort voorlegging te lewer oor wat die posisie is binne die betrokke kerkgemeenskap ten opsigte van die spesifieke samewerkingsterrein. Vanuit die voorleggings word 'n geheelbeeld verkry oor waar reeds saamgewerk word, waar moontlike nuwe terreine vir samewerking bestaan en waar van mekaar se hulpbronne gebruik kan word.
- 2.6.4 Van die kant van die GKSA is ook – in oorleg met alle Deputategroepe – 'n voorlegging voorberei oor die huidige stand van sake ten opsigte van samewerking, asook moontlike nuwe terreine van samewerking wat reeds deur die Deputategroepe voorsien kan word binne hul mandaat.
- 2.6.5 *Diens van barmhartigheid*
 - 2.6.5.1 Op die gebied van die diens van barmhartigheid werk die drie kerklike gemeenskappe hartlik saam, spesifiek binne die Kerklik Maatskaplike Diensteraad.
 - 2.6.5.2 Gesprek is gevoer oor die moontlike bystand aan die onderskeie Kommissies/Deputategroepe in hul gesprekvoering met die owerheid rondom prinsipiële sake. Van die kant van die TKR is geadviseer dat 'n deeglike prinsipiële studie gemaak word oor die verhouding kerk en staat met spesifieke verwysing na die barmhartigheidswerk.
 - 2.6.5.3 Uit die gesprekke het dit duidelik geword dat daar 'n groot leemte bestaan ten opsigte van die ampsdiens van die diakens. Die betrokke Kommissies/Deputate is deur die TKR versoek om – in oorleg met mekaar en met die onderskeie teologiese opleidingsentra – dringend aandag te gee aan die amp van diaken en die kerklike diaconaat op alle vlakke.

Besluit: Kennis geneem.

- 2.6.6 *Jeugbediening en onderwys*
 - 2.6.6.1 Samewerking op die gebied van onderwys geskied alreeds via die Interkerklike Kommissie vir Onderwys en opvoeding (IKOO).
 - 2.6.6.2 Gesprek is gevoer oor die groot behoefte wat bestaan aan onderwysers vanuit die onderskeie kerkgemeenskappe. Die TKR het gevvolglik 'n beroep gedoen op alle gemeentes en Kerkrade van die onderskeie kerkgemeenskappe om die jongmense in hul midde te motiveer om onderwys as roeping op te volg.
 - 2.6.6.3 Uit die gesprekke is dit ook duidelik dat daar kommer is oor die groeiende negatiewe persepsies aangaande die onderwys en onderwysers se negatiewe ingesteldheid en motivering vanweë die onderwysomgewing. Inlyn hiermee is IKOO versoek om dringend ondersoek in te stel na die teenwerking van die negatiewe persepsies en ingesteldheid.
 - 2.6.6.4 Vanuit die gesprekke het die Jeugdeputate van die GKSA ook onderneem om 'n byeenkoms te reël waartydens die onderlinge samewerking rondom jeugbediening verder uitgebou kan word.

Besluit: Kennis geneem.

2.6.7 Liturgiese en himnologiese sake

- 2.6.7.1 Gesprek is gevoer oor die opset van die gemeentelike samekomste as hartslag van die gelowiges in diens van die Here. Hieruit het na vore gekom dat by al drie kerkgenootskappe nagedink word oor die inkleding van die samekomste met die oog op die verdieping van die ontmoeting met die Here. Diversiteit ten opsigte van die inkleding van die gemeentelike samekomste bestaan by elke kerkgemeenskap intern, maar ook tussen die drie kerkgemeenskappe onderling. Hierdie diversiteit kom die duidelikste na vore in die gebruik van liedere tydens die samekomste van gemeentes.
- 2.6.7.2 Teen die agtergrond van bogenoemde waarnemings het die TKR besluit om verder aandag te gee aan enkele wesenlike vrae rondom die samekomste en die diversiteit wat bestaan. Hieroor sal DV aanvullend gerapporteer word.
- 2.6.7.3 Oor die Belydenisskrifte en Liturgiese Formuliere is kennis geneem dat die onderskeie kerkgemeenskappe elkeen betrokke is by wysigings aan belydenisskrifte (soos byvoorbeeld die GKSA se moontlike herformulering van die frase *en neergedaal het na die heil*) en/of wysigings aan die klassieke formuliere of daarstelling van alternatiewe/wisselformuliere. Die kerkgemeenskappe het die ou kerkordelike reëling dat sodanige wysigings alleen ingevoer sal word nadat die ander kerkgemeenskappe geraadpleeg is, bevestig. Verder is daar ook onderneem om inlyn hiermee die ander kerkgemeenskappe te probeer betrek tydens die aanvang van sodanige prosesse.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling

- 2.6.7.4 Die Sinode herbevestig sy voorneme om enige wysigings aan Belydenisskrifte en Liturgiese Formuliere alleen in te voer na deeglike oorleg met die ander kerkgemeenskappe wat deel is van die gereformeerde tradisie.

Besluit: Goedgekeur.

2.6.8 Kerklike media

- 2.6.8.1 Gesprek is gevoer met die redakteurs van die onderskeie kerklike tydskrifte. Hieruit het dit duidelik gevlyk dat heelwat geleentheid in die dag- en weeklikse pers is vir die kerke om te benut as deel van hul getuienisstaak.
- 2.6.8.2 Daar is verder bevind dat die Redakteursforum – forum van alle betrokke redakteurs van kerklike en verwante media – tans nie funksioneer nie, maar dringend heraktiveer moet word.
- 2.6.8.3 Verdere samewerking kan plaasvind wanneer die redakteurs aandag daaraan gee dat die kerkgemeenskappe in mekaar se blaaie publiseer.
- 2.6.8.4 Dit blyk ook nodig te wees om te poog om *Kruispunt* – die onafhanklike bylae tot die Afrikaanse dagblaaie – te laat verskyn. Hiervoor sal elke kerkgemeenskap se aktiewe ondersteuning noodsaaklik wees.

Besluit: Kennis geneem.

2.6.9 Gesamentlike gemeentelike bediening

- 2.6.9.1 Uit voorlopige gespreksvoering het dit duidelik geword dat die ontvolking van lidmate van ons kerkgemeenskappe in die platteland nuwe uitdagings en nuwe geleenthede vir samewerking na vore bring. Selfs in sommige stedelike gebiede behoort deeglik besin te word oor die moontlikhede van samewerking.

2.6.9.2 Die TKR het 'n subkommissie aangewys, te wete proff Dries du Plooy (GKSA – sameroeper), Pieter Coertzen (NGK) en dr Wim Dreyer (NHK) om die hele saak te ondersoek. Hieroor sal DV aanvullend gerapporteer word.

Besluit: Kennis geneem.

2.6.10 Kerkspieël

2.6.10.1 Sinode 2004 het goedgekeur dat deelgeneem word aan Kerkspieël 2004 – 'n empiriese navorsingspublikasie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat elke vier jaar die lig sien.

2.6.10.2 Aangesien die behoeftes van die onderskeie kerkgemeenskappe verskil het, is besluit dat elke kerkgemeenskap afsonderlik met die samesteller van Kerkspieël sou vergader en onderhandel.

2.6.10.3 Die Deputate het geoordeel dat dit nie binne hul mandaat lê om sulke navorsing selfstandig aan te pak en oor te onderhandel nie.

Besluit: Kennis geneem en die Sinode keur die optrede van die Deputate goed.

2.6.11 Hervertaling van Belydenisskrifte

2.6.11.1 Sinode 2004 het goedgekeur dat deelgeneem word aan die moontlike hervertaling van die Belydenisskrifte en het spesifieke Deputate daarvoor aangewys.

2.6.11.2 Die TKR het leiding geneem in die proses om die Kommissie vir die Hervertaling van die Belydenisskrifte te konstitueer, wat gebeur het met prof Sybrand Strauss as voorsitter en prof Dolf Britz as administratiewe sekretaris.

2.6.11.3 Die TKR het as vertrekpunt vir die Kommissie vir die Hervertaling van die Belydenisskrifte gestel dat 'n bron-georiënteerde, lesersvriendelike vertaling wat op die eietydse lidmate ingestel is, daargestel behoort te word.

Besluit: Kennis geneem.

2.6.12 Streeksaamtrekke van predikante

2.6.12.1 Na aanleiding van die gesprek wat gevoer is rondom die kerk-gemeenskappe se roeping in Suid-Afrika is oorweeg of daar nie 'n landswye samekoms van alle predikante van drie kerkgemeenskappe gereël moet word om gesamentlik te besin oor *Ons roeping as (Afrikaanse) Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika* nie.

2.6.12.2 Na oorweging van alle logistieke en verwante aspekte, is besluit dat eerder gefokus moet word op streeksaamtrekke. Ten tye van die opstel van hierdie Rapport is dié saak nog onder bespreking en daar sal DV aanvullend gerapporteer word.

Besluit: Kennis geneem.

2.6.13 Verhouding tussen Nasionale Sinodes/Families van kerke

2.6.13.1 Gesprek is gevoer oor die onderlinge verhoudinge tussen die verskillende familiekerke/nasjonale sinodes binne elke kerkgemeenskap ten einde as kerkgemeenskappe mekaar te kan bystaan en van raad te bedien.

2.6.13.2 Uit die gesprekke is dit duidelik dat elke kerkgemeenskap die onderlinge verhoudinge benader vanuit die betrokke kerkgemeenskap se spesifieke beskouing oor kerkeenheid.

Besluit: Kennis geneem.

2.6.14 Engelse name vir kerkgemeenskappe

2.6.14.1 Waar die amptelike vertaling van die onderskeie kerkgemeenskappe se name in Engels nogal heelwat verwarring veroorsaak, is oorleg gepleeg oor die name wat gebruik word.

2.6.14.2 Die name vir elke kerkgemeenskap is

- i. GKSA = Reformed Churches in South Africa
- ii. NGK = Dutch Reformed Church
- iii. NHK = Het besluit om Afrikaanse naam te gebruik – ook in Engelse korrespondensie

Besluit: Kennis geneem.

2.6.15 *Groeteboodskappe oorgedra*

2.6.15.1 'n Versoek is vanaf die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ontvang om 'n groeteboodskap namens die GKSA oor te dra tydens hul Algemene kerkvergadering van September 2004. Die Deputate het dr CJ Smit afgevaardig om dit te doen.

2.6.15.2 'n Versoek is vanaf die Nederduitse Gereformeerde Kerk ontvang om 'n groeteboodskap namens die GKSA oor te dra tydens die Algemene Sinode van die NG Kerk in Oktober 2004. Die Deputate het dr SJ van der Walt afgevaardig om dit te doen.

Besluit: Kennis geneem en die Sinode keur die optrede van die Deputate goed.

2.6.16 *Uitnodiging na Sinode 2006*

2.6.16.1 Die Administratiewe Buro is op 31 Mei 2005 versoek om die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika na Sinode 2006 uit te nooi om 'n groeteboodskap te bring.

Besluit: Kennis geneem en die Sinode keur die optrede van die Deputate goed.

2.7 Tussenkerklike Raad (TKR): Openbare getuienis

2.7.1 Lessenaar by Parlement

2.7.1.1 Die TKR het verskeie kere gesprek gevoer oor die werksaamhede van die Parlementêre Lessenaar van die NG Kerk onder leiding van dr Ben du Toit. Die noodsaaklikheid om sinvolle insette tydens die wetgewende proses te lewer, maak hierdie Lessenaar onontbeerlik in die uitlewing van die getuienistaak van die kerkgemeenskappe.

2.7.1.2 Die samewerking rondom die Parlementêre Lessenaar tussen die verskillende verantwoordelike persone van die onderskeie kerkgemeenskappe teenoor die owerheid is goed. In die nuwe staatkundige bedeling is dit die mees effektiewe wyse van getuienislewering wanneer daar met kundigheid tydens die komiteestadium van wetgewing insette gelewer kan word. Terugvoering deur dr Ben du Toit dui ook daarop dat daar met aandag na die insette van die kerke geluister word.

2.7.1.3 Dr Ben du Toit is 50% in diens van die Wes-Kaapse Sinode van die NG Kerk en 50% in diens van die Algemene Sinode van die NG Kerk om namens laasgenoemde die Parlementêre Lessenaar te beman. Tydens die byeenkomste van die TKR het die Deputate die morele noodsaak uitgespreek dat die GKSA ook 'n finansiële bydrae tot die vergoeding van dr Ben du Toit wil maak. Hy sal dan alle inligting oor wetgewing ook aan die GKSA deurgee en kundiges vir kommentaar en skakeling betrek.

2.7.1.4 Uit gesprekke met die verteenwoordigers van die NG Kerk op die Interimkomitee van die TKR het dit geblyk dat 'n jaarlikse bedrag van R10 000 as bydrae tot die vergoeding van dr Ben du Toit voldoende sal wees, in ag genome die getalsverhoudinge van die drie kerkgemeenskappe.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling

- 2.7.1.5 Die Sinode keur dit goed dat die GKSA ook deur middel van finansiële steun by die Parlementêre Lessenaar van die NG Kerk betrokke raak.
- 2.7.1.6 Die Sinode begroot R10 000 per jaar as finansiële bydrae aan die NG Kerk vir hierdie doel.
- 2.7.1.7 Die Sinode gee die te benoeme Deputate opdrag om 'n ooreenkoms met die NG Kerk in werking te stel.
- 2.7.1.8 Die Sinode gee die te benoeme Deputate opdrag om die moontlikheid van 'n verteenwoordiger by die Parlementêre Lessenaar te ondersoek.

Besluit: Goedgekeur.

2.7.2 Ontwikkeling van openbare getuienis vanuit die TKR

- 2.7.2.1 Gesprek word gevoer rondom die vraag hoe die openbare getuienis vanuit die TKR ontwikkel kan word, aangesien daar nog geen werkbare proses na vore gekom het nie.
- 2.7.2.2 Ten tye van die samestelling van hierdie Rapport word intringend gekyk na werkbare maniere om sake wat individueel of gesamentlik geïdentifiseer word, aan te spreek.

Besluit: Kennis geneem.

2.7.3 Databasis van kundiges

- 2.7.3.1 Ten einde spoedige, aktuele en relevante openbare getuienis oor 'n verskeidenheid van onderwerp moontlik te maak, is dit noodsaaklik dat genoeg kundige persone beskikbaar is om die nodige studie te doen. Daarom het die TKR dit goedgedink om 'n databank oor die kundigheidsterreine van al die predikante en theologiese professore van die drie kerkgemeenskappe saam te stel.
- 2.7.3.2 Die Deputate het die kundigheidsterreine van die predikante en theologiese professore van die GKSA probeer bepaal deur 'n vraelys aan elkeen uit te stuur. Hierdie proses is nog nie afgehandel nie en daar sal DV aanvullend oor gerapporteer word.

Besluit: Kennis geneem.

2.7.4 Engelse naam vir TKR

- 2.7.4.1 Ter wille van sinvolle getuienislewering is dit noodsaaklik dat die TKR ook in Engelse bekendgestel kan word. Daarom is besluit dat die naam van die TKR in Engels is *Interdenominational Council* met as onderskrif *Constituting churches: Reformed Churches in South Africa, Dutch Reformed Church, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*.

Besluit: Kennis geneem.

2.8 Afrikaanse Protestantse Kerk

- 2.8.1 Die bilaterale gesprek met die APK gaan voort. Die frekwensie het afgeneem en op datum van die Rapport is nog net een gesprek gevoer. Daar word egter nog 'n gesprek beplan vir DV later in 2005 waaroor aanvullend gerapporteer sal word.
- 2.8.2 Die gesprek sentreer steeds om die onderlinge roeping teenoor mekaar in die lig daarvan dat die kerk een en ekumenies is.
- 2.8.3 Van die kant van die Deputate word gewerk aan 'n evaluerende samenvatting van die stand van die gesprek vir bespreking met die APK – om sodoende die gesprek op 'n sinvolle pad verder te stuur.

- 2.8.4 Op versoek van die Afrikaanse Protestantse Kerk is 'n skriftelike groeteboodskap namens die GKSA oorgedra ten tye van hul Sinode in September 2004.
- 2.8.5 Die Administratiewe Buro is op 31 Mei 2005 versoek om die Afrikaanse Protestantse Kerk na Sinode 2006 uit te nooi om 'n groeteboodskap te bring.

Besluit: Kennis geneem en die Sinode keur die optrede van die Deputate goed.

2.9 Konvent vir Reformatoriese Kerke

- 2.9.1 Die Konvent het die afgelope drie jaar jaarliks gedurende Maartmaand vergader – in 2003 in Laudium (aangebied deur die Reformed Church in Africa), in 2004 in Potchefstroom (aangebied deur die GKSA) en in 2005 in Pretoria (aangebied deur die NG Kerk)
- 2.9.2 Die deelnemende kerkgemeenskappe het jaarliks vermeerder, en in 2005 het 14 kerkgemeenskappe as lid van die Konvent deelgeneem en twee as waarnemers. Die kerkgemeenskappe wat betrokke is, is: Die Afrikaanse Protestantse Kerk, die Calvynse Protestantse Kerk, die Christelike Gereformeerde Kerk, die Free Church of SA, die Gereformeerde Kerke in SA, die Gereformeerde Kerke Middellande, die Hervormde Kerk van SA, die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, die Presbyterian Church of America (in SA), die United Congregational Church, die Reformed Church in Africa, die Rynse Kerk, en in 'n waarnemende hoedanigheid die Evangelies Gereformeerde Kerk en die Uniting Presbyterian Church.
- 2.9.3 Gedurende Konvent 2003 is gefokus op die tema: *Die Kerk in vaartversnelling*. Gestimuleer deur verskeie inleiers, is onder andere gefokus op 'n beoordeling van die Jesus-Seminare die Nuwe Hervorming, terwyl ook aandag gegee is aan die behoud van die kerkjeug in die Reformatariese erfenis en die hoop wat bestaan vir die Reformatariese Kerke in Suid-Afrika.
- 2.9.4 Konvent 2004 het as tema gehad: *Bied die kerk hoop vir Suidelike Afrika?* Vanuit die perspektiewe van die verlede, hede en toekoms het die Konvent die oortuiging uitgespreek dat die kerke in die omstandighede van wanhoop die enigste en ware draer van hoop is – hoop wat lê in die verkondiging van die boodskap van Jesus Christus as die gekruisigde en opgestane Verlosser wat die enigste hoop vir die wêreld is.
- 2.9.5 Konvent 2005 het gefokus op die regering se verantwoordelikheid en die kerk se roeping ten opsigte van misdaad en geweld in die land, terwyl ook aandag gegee is aan die bediening in die gereformeerde tradisie. Vanuit die bespreking het dit duidelik geword dat die hoeë vlakke van misdaad en geweld in Suid-Afrika nie teëgestaan kan word deur vas te hou en toe te bou nie, maar wel deur uit te reik en by 'n samelewing in nood betrokke te raak. Daarmee saam is die roeping van die kerk om deur Woordverkondiging en voorbeeld die morele orde in die samelewing te help bou, die belangrikste Godgegewe instrument om misdaad en geweld teë te werk. Daarom wil die kerkgemeenskappe ook vanuit eie hoek met die staat saamwerk in die uitbouing van die *Moral regeneration Programme*. Verder het die deelnemende kerkgemeenskappe se afgevaardigdes die regering aangemoedig om in die bestryding van misdaad te volhard en is die regering verseker van voorbidding.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling

- 2.9.6 Die Sinode neem met dank kennis van die vordering van die Konvent.
- 2.9.7 Die Sinode begroot vir die GKSA se jaarlikse finansiële verpligting as deelnemende kerkgemeenskap.

Besluit: Goedgekeur.

2.10 Sinodes Soutpansberg en Middellande

- 2.10.1 Sinode 2003 het Deputate kragtens KO, art 48 aangewys om die gesprek met Sinodes Soutpansberg en Middellande voort te sit. Alhoewel die Deputate vir Ekumeniese Sake (Binnelands) ook die opdrag gekry het om met die twee Sinodes gesprek te voer, is aanvaar dat Sinode 2003 bedoel het om die opdrag aan die *Deputate artikel 48 KO* te gee.
- 2.10.2 Die *Deputate artikel 48 KO* is skriftelik van hierdie uitgangspunt van hierdie Deputate in kennis gestel ten einde verwarring te voorkom.
- 2.10.3 Hierdie Deputate het geen verdere Rapport oor hierdie saak te lewer nie.

Besluit: Kennis geneem en die Sinode keur die optrede van die Deputate goed.

3. Opdragte aan te benoeme Deputate

- 3.1 Die Sinode wys Deputate aan met die volgende opdrag:
 - 3.1.1 Voer gesprekke met binnelandse kerk binne die Gereformeerde tradisie met die oog op kerklike eenheid.
 - 3.1.2 Begin nuwe gesprekke met binnelandse kerke binne die Gereformeerde tradisie binne die raamwerk van *ekumeniese kontak, ekumeniese bande en ekumeniese eenheid*.
 - 3.1.3 Gaan voort met die gesprek met die gespreksgenote in die Tussenkerklike Raad, naamlik die Nederduitse Gereformeerde Kerk en Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, en voer alle opdragte uit soos vervat in die Grondslag van die Tussenkerklike Raad.
 - 3.1.4 Gaan voort met die gesprek met die Afrikaanse Protestantse Kerk.
 - 3.1.5 Wys afgevaardigdes aan na die Konvent vir Reformatoriiese Kerke.
 - 3.1.6 Voer gesprek met die Sinodes Soutpansberg en Middellande soos deur Sinode 2006 bepaal.
 - 3.1.7 Rig uitnodigings aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Afrikaanse Protestantse Kerk na Sinode 2009.

Besluit: Goedgekeur.

E. AANVULLENDE RAPPORT

1. Sake waaroor die Sinode moet besluit

1.1 Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (in aansluiting by 2.2 van Rapport)

- 1.1.1 In 1997 het die Nasionale Sinode die volgende opdrag gegee:

Gesien in die lig van die feit dat die GKSA 'n onbegrensde ekumeniese roeping besit (Acta 1976:366), en die noodsak van die profetiese roeping van die GKSA in Suid-Afrika baie groot is, is dit belangrik dat die GKSA (oa deur hierdie Deputate) insette en getuigenis by oa die Raad van Kapelaansdienste, die Raad vir Godsdiensuitsendings, die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en soortgelyke organisasies sal lewer (Acta, 1997:177, 3.2.3).

- 1.1.2 Hierdie opdrag is aan die Deputate vir Ekumeniese Sake gegee en Sinode 2000 het dit as opdrag aan die Deputate Ekumenisiteit Binnelandse Kerke opgedra. Tydens Sinode 2003 is verslag gelewer dat pogings om waarnemerstatus by die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke te verkry nog nie geslaag het nie.
- 1.1.3 In 2005 het die Deputate deur middel van 'n afvaardiging 'n gesprek met die voorsitter van die SARK, prof Russel Botman, gehad.
- 1.1.4 Alhoewel die konstitusie van die SARK nog die moontlikheid van kerklike waarnemerstatus bepaal, het Prof Botman aan die afgevaardigdes te kenne gegee dat die jongste besluit in die verband daarop neerkom dat slegs volle deelname, dit wil sê lidmaatskap aanvaar word. (Die konstitusie is vir beoordeling as Ongepubliseerde Bylae beskikbaar.)
- 1.1.5 Volgens die konstitusie mag die GKSA, volgens ons lidmaatgetal, drie verteenwoordigers na die drie-jaarlikse nasionale konferensie stuur.
- 1.1.6 Die jaarlikse affiliasieigelde vir die GKSA sal deur die Bestuur van die Administratiewe Buro in oorleg met die SARK bepaal word.
- 1.1.7 Net soos met die benoeming van die afvaardiging na die Konvent van Reformatoriese Kerke, kan die Deputate Ekumenisiteit Binnelandse Kerke ook die afvaardiging na die SARK benoem.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling

- 1.1.8 Die GKSA doen aansoek om lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke.
- 1.1.9 Die Sinode begroot vir die finansiële verpligtinge ten opsigte van lidmaatskap van en deelname aan die aktiwiteite van die SARK.
- 1.1.10 Die Deputate stel 'n kort Inligtingstuk oor die GKSA se aansluiting by die SARK vir Kerkrade beskikbaar.

Besluit: Goedgekeur. (Kyk ook besluit by Rapport Deputate Ekumenisiteit: Owerheid (3.2).)

Motivering

1.1.11 Skakeling met die owerheid

- 1.1.11.1 Die praktyk lewer reeds bewys daarvan dat individuele skakeling van kerkgemeenskappe met die owerheid nie slegs bemoeilik word nie, maar dat dit feitlik onmoontlik word vanweë die uitgesproke beleid van die regering om kerkgemeenskappe hoofsaaklik saam met ander geloofsgroepe aan te hoor.
- 1.1.11.2 Indien die GKSA nog effektief met die owerheid wil skakel om sodoende sy profetiese taak uit te voer, is lidmaatskap van die SARK van groot belang omdat hierdie instansie deur die owerhede as die aangewese voertuig beskou word waardeur kerkgemeenskappe met die owerheid kan skakel. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is reeds lid van die SARK en die Nederduitsch Hervormde Kerk oorweeg ook tans om vir lidmaatskap aansoek te doen.

1.1.12 Die SARK is in wese 'n skakelliggaaam

- 1.1.12.1 Die SARK bestaan teenswoordig nie as 'n tipe 'meerdere vergadering' van kerke nie – wat vroeër 'n verhindering vir samewerking was – maar is 'n ekumeniese forum waarbinne kerkgemeenskappe van verskillende tradisies, wyer en met 'n ander doel as die Konvent, met mekaar kan skakel.

- 1.1.12.2 Die SARK is skerp ingestel op 'n kritisches-profetiese houding teenoor die owerheid van die dag en nie slegs op 'n identifiserende-solidêre benadering nie.
- 1.1.12.3 Daar is geen bepaling in die konstitusie van die SARK wat die GKSA op Skrif- en Belydenisgronde kan verhinder om daaraan deel te neem nie – veral met die oog daarop om effektiewe skakeling met die owerheid te bewerkstellig.
- 1.1.13 *Lidmaatskap is deel van die GKSA se ekumeniese roeping*
Deur lidmaatskap van die SARK kan die ekumeniese taak van die GKSA uitgebrei word by wyse van skakeling met kerkgemeenskappe wyer as die Gereformeerde tradisie, waartoe die GKSA kragtens Sinodebesluite ook 'n roeping het:

 - 1.1.13.1 Daar moet onderskei word tussen die roeping tot belewing van eenheid (kerke wat een in leer, diens en tug is), wat begrens is, en die roeping tot ekumenisiteit, wat onbegrens is en wat tot alle kerke uitgaan en oproep tot gehoorsaamheid aan die Woord van God en tot die onderlinge gemeenskap van gelowiges (Acta, 1967:366).
 - 1.1.13.2 *Die doel van die ekumeniese gesprek is “die uitdra van die universele evangelie waardeur alle kerke ... tot gehoorsaamheid aan die Woord van God en so tot een kerklike gemeenskap op grond van ooreenstemming van die leer ... opgeroep word”* (Acta, 1994:195, 2.2.1.1; vgl 1967:366).
 - 1.1.13.3 *Kerklike verhoudinge wat nie onder korrespondensie val nie, word op meriete in elke individuele geval vasgestel “soos dit nodig word”* (Acta, 1979:45, 4.1.3.4).
 - 1.1.13.4 Teenoor die ekumeniese lyn van 'hegte kerklike verbintenis' (Acta, 1970:80; 1979:46) [*Ekumeniese Eenheid* (Acta 2003:184)] het die GKSA ook 'n lyn van "losser ekumene" erken, waarin 'n "losser samevoeging" van kerkgemeenskappe (Acta, 1997:170) in "een of ander vorm van kontak" kragtens KO, art 49 gewens is (Acta, 1967:367; 1970:89).
 - 1.1.13.5 Met die ideaal van *eenheid* van kerke het die GKSA nie *eendersheid* bedoel nie, selfs nie in een ekumeniese kerkverband nie, maar verskille erken wat noodwendig in die verskeidenheid van kerke sal voorkom (Acta, 1997:171).

Besluit: Kennis geneem.

1.2 Tussenkerklike Raad (TKR): Kritisches-opbouende gesprek

1.2.1 Belydenis van Belhar (*In aansluiting by 2.4.2 van Rapport hierbo*)

- 1.2.1.1 Gedurende die laaste vergadering van die TKR in Augustus 2005 is 'n eerste rondte gesprek gevoer oor die Belydenis van Belhar.
- 1.2.1.2 Uit hierdie gesprek het dit duidelik geword dat die Belydenis van Belhar binne sy historiese konteks verstaan moet. Daarmee saam worstel die NG Kerk en NGK-familie intens oor die plek en rol van die Belydenis van Belhar te midde van die proses tot kerkhereniging. Die kompleksiteit van die hele situasie moet deeglik verreken word wanneer enige uitsprake gemaak of oordeel gevel word.
- 1.2.1.3 Die vraag het tydens die gesprek na vore gekom of dit nie tyd geword het dat die drie kerkgemeenskappe – en moontlik ook nog ander kerkgemeenskappe – moet begin besin oor die geboorte van 'n *Confessio Africana* – 'n hedendaagse belydenis vanuit Afrika, spesifieker vanuit die gereformeerde tradisie.

Aanbeveling

- 1.2.1.4 Die Sinode spreek sy waardering uit dat proaktief aandag gegee word aan die moontlike implikasies van die Belydenis van Belhar vir die verhouding tussen die onderskeie kerkgemeenskappe.

1.3 Tussenkerklike Raad (TKR): Gesprek rondom roeping

- 1.3.1 *Morele waardes (In aansluiting by 2.5.4 van Rapport hierbo)*
- 1.3.1.1 In 'n poging om by te dra tot die gesprek rondom die morele waardes van ons samelewing, het die TKR 'n subkommissie aangewys om 'n kort en treffende gedragskode daar te stel.
- 1.3.1.2 Hierdie Kommissie het gedurende Oktober 2005 hul eerste konsep aan al die lede van die TKR beskikbaar gestel vir oorweging en kommentaar.

Aanbeveling

- 1.3.1.3 Die Sinode gee die afgevaardigdes na die TKR die opdrag om betrokke te bly by die daarstel van 'n Suid-Afrikaanse gedragskode.

1.4 Tussenkerklike Raad (TKR): Samewerking

- 1.4.1 *Liturgiese en himnologiese sake (In aansluiting by 2.6.7 van Rapport hierbo)*
- 1.4.1.1 Tydens 'n indringende gesprek is gefokus op die onderskeie kerkgemeenskappe se vertrekpunte ten opsigte van die gemeentelike samekomste, die kerklike lied en die verband tussen diversiteit en eenheid.
- 1.4.1.2 Uit hierdie gesprek blyk die volgende:
- (i) Die drie kerkgemeenskappe stem ooreen ten opsigte van die wesenlike elemente wat in elke gemeentelike samekoms na vore behoort te kom.
 - (ii) Die drie kerkgemeenskappe stem ooreen ten opsigte van die riglyne wat gevvolg behoort te word tydens die keuring van die kerklike lied – met die uitsondering dat die GKSA alleen op beryming van Skrif- en Belydenisgedeeltes fokus, terwyl die ander twee kerkgemeenskappe ook die Skrifgetroue vrye lied gebruik.
 - (iii) Al drie kerkgemeenskappe is oortuig dat daar wesenlike elemente in die liturgie is wat in alle liturgiese samekomste van die gemeente teenwoordig behoort te wees en dat die eenheid prinsipeel gegrond is. Daar is egter ook op prinsipiële gronde ruimte vir diversiteit wat verantwoordelik – en nie willekeurig nie – aangewend moet word.

- 1.4.2 *Gesamentlike gemeentelike bediening (In aansluiting by 2.6.9 van Rapport hierbo)*

- 1.4.2.2 Die subkommissie van die TKR wat moes aandag gee aan die hele saak van samewerking tussen die onderskeie kerkgemeenskappe, kon nog nie hul opdrag afhandel nie en die TKR het dié opdrag gekontinueer. Hieroor sal gevvolglik eers in 2006 verdere inligting beskikbaar wees.

- 1.4.3 *Streeksaamtrekke van predikante*

- 1.4.3.1 Die TKR het besluit dat die verskillende Streeksinodes van die Nederduits Gereformeerde Kerk die inisiatief sal neem om in hul onderskeie gebiede byeenkomste te reël waartydens die predikante van die drie kerkgemeenskappe onder andere gesamentlik sal besin oor *Ons roeping as (Afrikaanse) Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*.

Aanbeveling

- 1.4.3.2 Die Sinode moedig alle predikante aan om betrokke te raak by die voorgestelde streeksbyeenkomste.

1.5 Afrikaanse Protestantse Kerk

- 1.5.1 Gedurende Oktober 2005 het 'n sinvolle gesprek tussen die Deputate en afgevaardigdes van die AP Kerk plaasgevind.
- 1.5.2 Spesifiek is aandag gegee aan die vraag oor hoe die pad vorentoe gesien moet word. Vanuit hierdie gesprek is die volgende gekonkludeer:
 - 1.5.2.1 Beide kerkgemeenskappe erken dat strukturele eenheid in een kerkverband tans nie haalbaar is nie.
 - 1.5.2.2 Die gesprek word voortgesit deur middel van 'n jaarlikse ontmoeting met die reëling dat die AP Kerk en die GKSA beurtelings verantwoordelik is vir die oproep.
 - 1.5.2.3 Die agenda word rondom die volgende drie sake saamgestel:
 - (a) Gesprekspunte vir 'n kerklike gesprek op theologiese wyse
 - (b) Gesamentlike getuienis waar nodig
 - (c) Gesamentlike werksaamhede
- 1.5.3 Met die eersvolgende gesprek in 2006 gaan DV gefokus word op die tema: *Kerklike weë tot samewerking* met die doel om konkrete kerklike weë tot samewerking te probeer vind en so die eenheid in Christus tot uitdrukking te bring en te bevorder.

Aanbeveling

- 1.5.4 Die Sinode neem met dank kennis van die vordering in die gesprek.
- 1.5.5 Die Sinode spreek die vertroue uit dat die gesprekke al meer sal bydra tot die uitbou van die eenheid van die kerkgemeenskappe in Christus.
- 1.5.6 Die Sinode begroot vir die GKSA se verantwoordelikhede ten opsigte van die jaarlikse samesprekings.

**Kommissie Ekumenisiteit het nie oor 1.2 tot 1.5 aan die Sinode gerapporteer nie.
In die lig van besluite wat die Sinode geneem het oor 2.4.2, 2.5.4, 2.6.7, 2.6.9 en 2.8 hierbo kan aanvaar word dat dieselfde besluite ook by 1.2 tot 1.5 geld – *Deputate Handelinge*.**

14.3 RAPPORT DEPUTATE EKUMENISITEIT – BUITELANDS

- A. Ds BCG Fourie stel die Rapport.
- B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie Ekumenisiteit. Finansiële implikasies word verwys na die Kommissie Finansies.
- C. Dr J Pretorius rapporteer namens die Kommissie Ekumenisiteit.
- D. Dr G Breed gee toeligting oor die bediening in Londen.
- E. Ds W Vogel en oudl IJ Lessing rapporteer namens die Kommissie Finansies.

F. RAPPORT

1. Kerke in Ekumeniese Eenheid

1.1 Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland (CGKNN)

1.1.1 *Opdrag: Die Sinode konstateer sy dankbaarheid oor die ekumeniese eenheid met die CGKNN, wat 'n jarelange band van eenheid in leer, diens en tug is, en wat telkens prakties op ekumeniese vlak tot uitdrukking kom. Hierdie eenheid word onderhou en verder uitgebou deur besoeke van afgevaardigdes waar dit moontlik is (Acta 2003:184, 2.3.2).*

Besluit: Kennis geneem.

1.1.2 Uitvoering van opdrag

- 1.1.2.1 Samesprekings met die Deputate van die CGKN is tydens die GER te Utrecht in Nederland gehou. Die GKSA se afgevaardigdes was prof A le R du Plooy, ds CB Swanepoel en dr CJ Smit. Kontak is ook met die Deputate van die CGKN gemaak tydens die sitting van die ICRC in Oktober 2005 te Pretoria.
- 1.1.2.2 Reaksie op GKSA-besluit oor vrouelidmate in diakensamp op Sinode 2003:
 - (a) Omdat die diakenamp volgens die beskouing van die GKSA nie deel van die Kerkraad is nie, soos dit wel die geval is by die CGKN, bied die besluit van die GKSA nie 'n prinsipiële probleem vir die CGKN nie.
 - (b) Die CGKN is wel begaan oor verdere besluite wat moontlik in dié rigting kan volg. Hulle begryp wel dat die besluit van die GKSA nie vanuit 'n Skrifkritiese hoek geneem is nie.
 - (c) Sinode 2004 van die CGKN het hulle Deputate opdrag gegee om oor dié saak in gesprek met die GKSA betrokke te bly.
 - (d) Die Deputate van die CGKN stel die beleidstandpunt dat indien die GKSA ook die ander ampte vir vrouelidmate sou oopstel, sou die gesprek krities-positief gerig word, want volledige korrespondensie behels ook oor en weer prediking en beroeping en in die geval van ampsoopstelling sou dit moontlik vir die CGKN 'n probleem kon bied. By name waar 'n vorm van Skrifkritiek te bespeur is, sou dit die kerklike eenheid in gedrang bring.
 - (e) Die Deputate van die GKSA stel dat die hermeneutiese uitgangspunte wat Sinode 1988 vasgestel het, onverswak geld – en dat hulle kennis neem van die beleidstandpunt van die CGKN.
 - (f) Die Deputate stel gesamentlik vas dat 'n eventuele oopstelling van alle ampte vir vrouelidmate deur die GKSA die verhouding van ekumeniese eenheid tussen beide kerkgemeenskappe nie by voorbaat in die gedrang sal laat kom nie, maar dat dit wel die geval sal wees waar die CGKN op die basis

van gedifferensieerde oordeel oor die gronde van en die omstandighede vir sodanige besluit van die GKSA elemente van aanwysbare Skrifkritiek sou kon konstateer.

- (g) Die Deputate besluit gesamentlik dat, ondanks die huidige onderlinge verskilpunte oor die aangeleentheid, daar geen rede is waarom die ekumeniese eenheid tussen die twee kerkgemeenskappe nie verder onbelemmerd kan funksioneer nie. Sinode 2004 van die CGKN het met groot waardering gewag gemaak van die werk wat in die GKSA gedoen word én die teologie wat in die GKSA bedryf word. Vanweë hierdie wedersydse gesindheid is daar ook toenemend predikante van die GKSA wat na die CGKN beroep word en daar diens lewer.
- (h) Die beleidslyn van die CGKN-Deputate oor die aangeleentheid is soos volg verwoord (waarvan die CGKN se Sinode 2004 met instemming kennis geneem het):
1. *Conform onze instructie en de daarin vervatte afspraken in het verkeer tussen corresponderende kerken, zullen de CGKN ingeval van een situatie waarin een zusterskerk overgaat tot de oopstelling van de ambten voor de vrouw, hiertegen een waarschuwend stem verheffen:*
 - a. *via de toezending van onze rapporten en synodale besluiten, b. via mondelinge toelichting en broederlijk vermaan.*
 2. *De CGKN zullen doen wat in haar vermogen ligt om de openstelling van de ambten voor de vrouw in corresponderende kerken te ontraden en tegen te gaan, gelet op haar eigen overtuigen in deze.*
 3. *Wanneer een corresponderende kerk desalniettemin overgaat tot de openstellen van de ambten, is een gedifferentieerd oordeel onzerzijds nodig:*
 - a. *betreft het de oopstelling van alle ambten, of alleen dat van diaken?*
 - b. *om welke reden ging men over tot de openstelling van de ambten?*
 - c. *welke principiële overwegingen liggen er achter deze openstelling?*
 4. *Ingeval een corresponderende kerk de ambten volledig voor de vrouw openstelt, dienen wij hierover onze teleurstelling uit te spreken en hiertegen een met redenen omkleed protest aan te tekenen. Afhankelijk van het oordeel over de situatie zoals we ons dat gevormd hebben (zie onder 3) zullen wij ons genoodzaakt zien, als schriftkritisch gedachtegoed in het spel is, de correspondentieband in heroverweging te nemen. Ook ligt het in deze lijn dat geen nieuwe correspondentieband zal worden aangeboden aan kerken die de volledige openstelling van het ambt kennen.*

- 1.1.2.3 Die CGKN het met leedwese kennis geneem van die skeuring wat tussen Sinode Soutpansberg en Klassis Capricorn plaasgevind het.
- 1.1.2.4 Verhouding met die NedIGK: Op plaaslike vlak is daar tientalle kerke wat interne samewerkingsvlakke onderhou en uitbou. Op landelike vlak is daar 'n groter afstand. Die CGKN ervaar tekens van afwyking van die belydenis by die NedIGK. Die CGKN het ook probleme met die NedIGK se hermeneutiek oor hulle besluite ten opsigte van vrouelidmate in die ampte. Van die CGKN se kant word daar nie meer amptelik gewerk in die rigting van eenheid met die NedIGK nie, hoewel die verhouding van samewerking op plaaslike vlak steeds toeneem.

- 1.1.2.5 Verhouding met die GKN(v): Struktureel het die samewerkingsvlakte plaaslik sowel as landelik op so 'n wyse ontwikkel dat 'n model van kerklike federasie tussen die twee kerkgemeenskappe voorgestel is. Vanweë "bepaalde gevoelighede" binne die CGKN is die model nog nie daadwerklik geïmplementeer nie. Op plaaslike vlak neem die onderlinge verhouding steeds toe ten opsigte van kanselruil en ander kerklike samewerkingsvlakte. Die ontwikkelinge binne die GKN(v) word noukeurig gevolg.
- 1.1.2.6 Verdere mededeling van die CGKN:
- (a) Die CGKN het korrespondensie aan die *Evangelical Presbyterian Church of Ireland* gebied.
 - (b) Met sowel die *Dutch Reformed Church of Sri Lanka* en die *Reformed Church of Sri Lanka* onderhou die CGKN nog geen ekumeniese eenheid by wyse van korrespondensie nie. Daar sal vir eers volstaan word met 'n ontmoeting tydens die ICRC in Oktober 2005 in SA.
 - (c) Die CGKN het – soos die GKSA – besluit om met beide die *Free Church of Scotland* en die *Free Church of Scotland (Cont)* korrespondensie te bly handhaaf.
- 1.1.2.7 Daar is 'n formele ooreenkoms gesluit tussen die TSP, Fakulteit Teologie (NWU) en die Teologiese Universiteit van die CGKNN te Apeldoorn. Die ooreenkoms behels onder meer onderlinge samewerking en uitruiling van teologiese studente en professore.

Besluit: Kennis geneem.

1.1.3 Aanbevelings

- 1.1.3.1 Die Sinode konstateer sy dankbaarheid oor die ekumeniese eenheid met die CGKNN, wat 'n jarelange band van eenheid in leer, diens en tug is, en wat telkens prakties op ekumeniese vlak tot uitdrukking kom.
- 1.1.3.2 Hierdie eenheid word onderhou en verder uitgebou deur besoeke van afgevaardigdes waar dit moontlik is.
- 1.1.3.3 Die Sinode neem met dank kennis van die samewerkingsooreenkoms tussen die TSP, Fakulteit Teologie (NWU) en die Teologiese Universiteit van Apeldoorn.
- 1.1.3.4 Die opdrag in 1.1.1 word herhaal.

Besluit: Goedgekeur.

1.2 Nederlands Gereformeerde Kerken (NedIGK)

- 1.2.1 **Opdrag:** (1) Die Sinode konstateer met dankbaarheid dat die GKSA en die NedIGK steeds ekumenies een is. (2) Hierdie eenheid word onderhou en verder uitgebou deur besoeke van afgevaardigdes waar dit moontlik is. Gesprekke oor Skrifbeskouing en hermeneutiese beskouing word voortgesit. (3) Besondere dankbaarheid word uitgespreek oor die groeiende samewerking op plaaslike sendingvlak. Die Sinode moedig hierdie ontwikkeling sterk aan (Acta 2003:184, 2.3.3).

Besluit: Kennis geneem.

1.2.2 Uitvoering van opdrag

(a) Skrifbeskouing

- 1.2.2.1 Die Deputate van die GKSA het 'n opdrag van Sinode 2003 om "Gesprekke oor Skrifbeskouing en hermeneutiese beskouing voort te sit" (Acta 2003:184, 2.3.3 (ii)). Samesprekings met die Deputate CGKN is tydens die GER te Utrecht in

Nederland gehou. Die GKSA se afgevaardigdes was prof A le R du Plooy, ds CB Swanepoel en dr CJ Smit.

- 1.2.2.2 Die NedIGK tref 'n onderskeid tussen *Skrifeksegese* en *Skrifverstaan*, sonder om dié twee aspekte te skei.
- 1.2.2.3 Hulle wys op die belang daarvan om *Skrifverstaan*, volgens hulle begrip daarvan, in *Skrifeksegese* in te bou.
- 1.2.2.4 Dit beteken dat die belang van die huidige maatskaplike konteks nie los van Skrifeksegese gesien moet word nie. Hierdie standpunt word nie as 'n "nuwe" beskouing van hermeneutiek beskou nie, omdat in die tradisionele hermeneutiek die Skrif ook sterk vanuit die heersende maatskaplike konteks verklaar is, bv. die vrou se maatskaplike posisie waarin haar onderhorigheid die tradisionele beskouing was – waarvolgens die Skrifeksegese verstaan is.
- 1.2.2.5 Die besef van die sosiale konteks het volgens die NedIGK reeds in die NT 'n groot rol gespeel. Die rol van die huidige sosiale konteks moet eweneens nie onderskat word nie.
- 1.2.2.6 Die besluit om vrouelidmate tot die ampte toe te laat, is oorwegend deur hierdie beskouing bepaal.
- 1.2.2.7 Die vraag is hoe hierdie problematiek ekumeniese eenheid van kerkgemeenskappe raak. Die GKN(v) stel kritiese vrae oor die NedIGK se besluit, maar breek nie as gevolg daarvan die band van kontak en samewerking tussen die twee kerkgemeenskappe nie. Die CGKN se standpunt teen vrouelidmate in die amp kom volgens die NedIGK op 'n "finale besluit" neer, en dit bemoeilik die verhouding tussen die twee kerkgemeenskappe. Volgens die Deputate van die NedIGK kom Gereformeerde Kerke wêreldwyd uit 'n denkwêrel van absolutisme, terwyl die kerke volgens hierdie mening tans in 'n oorgangsfase is waarin al hoe meer ten goede gerelativeer word.
- 1.2.2.8 Volgens die Deputate van die NedIGK rus ekumeniese eenheid op die Belydenis en word nie geraak deur verskillende beskouinge oor vrouelidmate in die amp nie.

(b) Gesamentlike Sendingbetrokkenheid

- 1.2.2.9 Vroeër is die sendingwerk deur die NedIGK vanuit plaaslike gemeentes onderneem. Teenswoordig word dit gekoördineer deur 'n Vereniging vir Sendingwerk. Hierdie metode werk beter in die praktyk.
- 1.2.2.10 Die Deputate van die NedIGK spreek hulle waardering uit vir die werk wat dr Frits Kruger nou in diens van die Vereniging doen.
- 1.2.2.11 Die NedIGK ervaar 'n positiewe ontwikkeling van die betrokke kerke van die GKSA vanaf paternalisme tot dié van broederlike samewerking.

Besluit: Kennis geneem.

1.2.3 Aanbevelings

- 1.2.3.1 Die Sinode konstateer sy dankbaarheid oor die ekumeniese eenheid met die NedIGK, wat 'n jarelange band van eenheid in leer, diens en tug is, en wat telkens prakties op ekumeniese vlak tot uitdrukking kom.
- 1.2.3.2 Hierdie eenheid word onderhou en verder uitgebou deur besoeke van afgevaardigdes waar dit moontlik is.
- 1.2.3.3 Besondere dankbaarheid word uitgespreek oor die groeiende samewerking op plaaslike sendingvlak. Die Sinode moedig hierdie ontwikkeling aan.
- 1.2.3.4 Die gesprekke oor Skrifbeskouing en hermeneutiese beskouing (vgl 1.2.2.3–1.2.2.7) en relevante kerkregtelike aspekte, word voortgesit.

Besluit: Goedgekeur.

1.3 Presbyterian Church of Korea (Kosin) (PCK(K))

1.3.1 Opdrag: (1) Die Sinode konstateer met dankbaarheid dat die GKSA en die PCK(K) steeds ekumenies een is. (2) Hierdie eenheid word onderhou en verder uitgebou deur besoek van afgevaardigdes waar dit moontlik is (Acta 2003:177).

Besluit: Kennis geneem.

1.3.2 Uitvoering van opdrag

- 1.3.2.1 Enkele besoekende professore en predikante was in Korea en het ekumeniese eenheid met die PCK(K) onderhou.
- 1.3.2.2 Ook tydens die ICRC is tersaaklike gesprekke gevoer.
- 1.3.2.3 Die onderlinge eenheid is herbevestig asook waardering vir die betrokkenheid by mekaar se opleiding en sending. Deur die PCK(K) se werk het die Gereformeerde Kerk Verena tot stand gekom. Verdere kerkplanting word beplan te Witbank en Ogies.
- 1.3.2.4 'n Koreaanse gemeente (Kosin) het in Johannesburg tot stand gekom wat tans nie plaaslik by die GKSA inskakel nie.

Besluit: Kennis geneem.

1.3.3 Aanbevelings

- 1.3.3.1 Die opdrag in 1.3.1 word weer aan die nuwe Deputate gegee.
- 1.3.3.2 Die Deputate ontvang opdrag om ekumeniese kontak op te neem met die Koreaanse gemeente in Johannesburg.

Besluit: Goedgekeur.

1.4 Reformed Church Japan (RCJ)

1.4.1 Opdrag: (1) Die Sinode konstateer met dankbaarheid dat die GKSA en die RCJ steeds ekumenies een is. (2) Hierdie eenheid word onderhou en verder uitgebou deur besoek van afgevaardigdes waar dit moontlik is – as deel van die prioriteitslys (Acta 2003:177).

Besluit: Kennis geneem.

1.4.2 Uitvoering van die opdrag

- 1.4.2.1 Prof CFC Coetzee het die geleentheid gehad om van 29 Junie tot 4 Julie 2005 besoek te bring aan Deputate van die RCJ. Alhoewel die nouste vorm van ekumeniese eenheid met hierdie kerke bestaan, is daar ongelukkig nie gereeld kontak deur middel van besoeke nie. Hierdie besoek is moontlik gemaak deurdat Prof Coetzee met finansiële hulp van die Fakulteit Teologie 'n Internasionale Teologiese konferensie in Seoul bygewoon het. Die Deputate moes dus net 'n relatief klein bedrag byvoeg om die Japanse besoek moontlik te maak.
- 1.4.2.2 'n Vrugbare gesprek is gevoer met Proff Makita, Ichikawa en Lauer. In die gesprek is die volgende sake ter tafel geneem: Die uitruil van tersaaklike inligting, onder ander oor belangrike besluite van Sinode GKSA 2003; vereistes/kriteria vir ekumeniese eenheid; teologiese opleiding; meer-bevredigende kontak in die toekoms, ens. 'n Skriftelike uitnodiging na Sinode GKSA 2006 is ook aan hulle oorhandig.
- 1.4.2.3 'n Besoek is ook gebring aan hulle Teologiese Skool te Kobe, en kennis geneem van die inhoud van hulle opleiding. Die RCJ is met ons een in leer, diens en tug en maak groot erns met die beoefening van die Gereformeerde teologie. Dit blyk onder andere uit die feit dat hulle 'n Sentrum vir Calvyn en Calvinisme begin het,

wat gefinansier word uit eenderde van hulle Biblioteek-begroting. Tans is daar drie voltydse professore en 'n hele aantal deeltydse dosente.

Besoek is ook gebring aan 'n aantal kerke en op Sondag 3 Julie 2005 is groeteboodskappe aan twee gemeentes gebring waar eredienste bygewoon is.

- 1.4.2.4 Die besoek het die noodsaaklikheid van persoonlike gesprek en kontak opnuut beklemtoon. Dit is uiteindelik die enigste effektiewe manier om ekumeniese eenheid te beleef en die band tussen die kerkgemeenskappe te verstewig.
- 1.4.2.5 Van 20 tot 22 Oktober het Ds en Mev Yasuhiro en Kiyoko Hakamata 'n besoek aan Potchefstroom gebring nadat hulle die konferensie van die "ICRC" in Pretoria bygewoon het. Ds Hakamata is 'n lid van die Deputate vir Ekumeniese sake en ook deeltydse dosent aan die Teologiese Skool van die RCJ. Op 21 Oktober is vrugbare samesprekings gevoer tussen ds en mev Hakamata en dr CJ Smit, ds Fanie Coetzee, proff Ale R du Plooy en CFC Coetzee. Die gesprek het gehandel oor die kerklike situasie in Japan, teologiese opleiding en meerderle beleving van die eenheid. Die moontlikheid van 'n ooreenkoms met die TSP is genoem asook die moontlikheid dat van hulle studente vir kursusse van die TSP kan regstreer. Die gesprek moet voortgesit word. Ook by hierdie geleentheid is 'n skriftelike uitnodiging na Sinode GKSA 2006 aan hulle gegee.

Besluit: Kennis geneem.

1.4.3 Aanbevelings

- 1.4.3.1 Die Sinode konstateer met dankbaarheid dat die GKSA en die RCJ steeds ekumenies een is.
- 1.4.3.2 Die Sinode besluit dat die eenheidsband deur gereelde besoeke verder uitgebou word.

Besluit: Goedgekeur.

1.5 Christian Reformed Church in Australia (CRCA)

- 1.5.1 **Opdrag:** (1) Die Sinode konstateer met dankbaarheid dat die GKSA en die CRCA steeds ekumenies een is. (2) Hierdie eenheid word onderhou en verder uitgebou deur besoek van afgevaardigdes waar dit moontlik is. (3) Aan die nuwe Deputate word opgedra om waar nodig in Suid-Afrika hulp aan te bied met die kerklike inskakeling van oud-lidmate uit Suid-Afrika in Australië (Acta 2003:179).

Besluit: Kennis geneem.

1.5.2 Uitvoering van die opdrag

- 1.5.2.1 Die Sinode van die CRCA het vergader van 19 tot 29 Mei 2003 te Geelong. Die Sinode is bygewoon deur dr J le Roux saam met 'n verteenwoordiger elk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Die kerke werk saam in die Buitelandse Bedienings Kommissie en voorsien 'n gedeelte van die kostes van die besoek. Kontak is ook deur ds Ben Fourie en dr Henk Stoker met die Deputate gemaak tydens die sitting van die Sinode van die *Reformed Church Nieu Seeland* met wie hulle ekumeniese eenheid beleef.
- 1.5.2.2 Vrug van die besoek was 'n vergadering met die Kerkraad van die *Christian Reformed Church Wonga Park* oor die moontlike beroeping van 'n predikant uit SA. Die beroeping het toe plaasgevind en ds MJ du Plessis van die Gereformeerde Kerk Heilbron is daar bevestig.

- 1.5.2.3 Die Sinode is positief oor die ekumeniese eenheid met die GKSA. Rev Geoff van Schie is aangewys as hulle Deputaat wat die kontak met die Suid-Afrikaanse kerke sal uitbou.

In die groeteboodskap is aan die volgende sake aandag gegee:

- (a) Die GKSA se standpunt oor ekumeniese kontak, -bande en –eenheid
- (b) Die GKSA se besluit oor “neergedaal het na die hel” in die Apostolicum
- (c) Die GKSA se besluit oor die vrou in die amp van diaken
- (d) Evangelisering van die talle oud Suid-Afrikaners in Australië

Besluit: Kennis geneem.

1.5.3 Aanbevelings

- 1.5.3.1 Die Sinode konstateer met dankbaarheid dat die GKSA en die CRCA steeds ekumenies een is.
- 1.5.3.2 Hierdie eenheid word onderhou en verder uitgebou deur kontak en besoek van afgevaardigdes waar dit moontlik is.
- 1.5.3.3 Afgevaardigdes woon die Sinode van die CRCA gedurende Mei 2006 by.
- 1.5.3.4 Die Sinode gee aan die Deputate Ekumenisiteit Buitelands opdrag om onder meer as deel van die Interkerklike Kommissie vir die bediening van Afrikaners in die buiteland *ekumeniese kontak* met Afrikaanse kerke in Australië op te bou.
- 1.5.3.5 Die Sinode neem met dank kennis van finansiële ondersteuning deur die Kommissie vir Buitelandse Bediening van die drie Afrikaanse kerke.

Besluit: Goedgekeur.

1.6 Reformed Church New Zealand (RCNZ)

- 1.6.1 *Opdrag: (1) Die Sinode konstateer met dankbaarheid dat die GKSA en die RCNZ steeds ekumenies een is. (2) Hierdie eenheid word onderhou en verder uitgebou deur besoek van 'n afgevaardigde waar dit moontlik is. (3) Dat aan die nuwe Deputate opgedra word om afgevaardigdes na die volgende Sinode van die RCNZ te stuur, met bykomende opdrag om te help met die inskakeling van ons oud-lidmate by die kerke aldaar. (4) Aan die nuwe Deputate word opgedra om waar nodig in Suid-Afrika hulp aan te bied met die kerklike inskakeling van oud-lidmate uit Suid-Afrika in Nieu Seeland (Acta 2003:181).*

Besluit: Kennis geneem.

1.6.2 Uitvoering van die opdrag

- 1.6.2.1 Sedert Sinode 2003 het heelwat kontak plaasgevind tussen lidmate en predikante van die GKSA en die RCNZ. Dr Jan Lion-Cachet is gedurende 2003 van die Gereformeerde Kerk Port Elizabeth beroep na die Reformed Church of Wellington (RCNZ) en het die roeping opgevolg. Heelwat van die oud-lidmate van die GKSA wat na Nieu Seeland verhuis het, het 'n geestelike tuiste in RCNZ-gemeentes gevind waарoor ons baie dankbaar is.
- 1.6.2.2 Die Sinode van die RCNZ het plaasgevind van 3 tot 9 September 2005 te Hamilton, Nieu Seeland. Dr Henk Stoker en ds Ben Fourie het die vergadering as afgevaardigdes van die GKSA bygewoon. Hulle is ook deur die NG- en NH-kerke gevra om groete namens hulle oor te dra. Tydens die groeteboodskap namens die GKSA is op verskeie sake ingegaan waaronder die uitrek na kerklose Suid-Afrikaners in Nieu Seeland, die samewerking op sendinggebied, asook van ons nuutste Sinodebesluite. Verskeie sake het tydens die RCNZ se Sinode gedien, waaronder die volgende:
- 1.6.2.3 *Ekumenisiteit:* Die RCNZ wil steeds ekumenies een met die GKSA wees en beskou hulle bande met ons as so belangrik dat ons maar een van twee

kerkgroepe is na wie hulle op Sinodekoste ‘n afgevaardigde stuur. Hulle het ook besluit om ons aansoek om lidmaatskap van die ICRC te ondersteun.

- 1.6.2.4 *Vrouediakens*: Daar was in die Sinode kommer uitgespreek oor ons besluit om vroue tot die diakenamp toe te laat; veral ook omdat dit volgens Sinodegangers die deur kan oopmaak tot ‘n verkeerde hantering van die Skrif wat die gevolg het dat vroue tot die regeeramp van ouderlinge toegelaat word. Die Sinode van die RCNZ het dan ook besluit om hulle diepe kommer (“deep concern”) uit te spreek oor die GKSA se besluit van Sinode 2003 om vroue tot die amp van diaken toe te laat.
- 1.6.2.5 *Engelse Bybelvertaling*: Die RCNZ-gemeentes gebruik tans veral die NIV (New International Version) en die NASB (New American Standard Bible). Hierdie en ander vertalings is in ‘n verslag wat voor die Sinode gedien het met mekaar vergelyk. Uiteindelik is besluit om veral die ESV (English Standard Version) en die NKJV (New King James Version) by gemeentes aan te beveel vir gebruik.
- 1.6.2.6 *Katkisasie-materiaal*: ‘n Verslag het voor die Sinode gedien waarin verskillende beskikbare katkisasiestof uit die Engelse Gereformeerde wêreld teen mekaar opgeweeg is. Daar is besluit om by gemeentes aan te beveel om gebruik te maak van die katkisasiemateriaal van “Great Commission Publications” (www.gcp.org). Die OPC en die PCA in Amerika gebruik ook hierdie materiaal.
- 1.6.2.7 *Diakonale hulp wêreldwyd*: As deel van die RCNZ se diakonale hulp in ander lande, het die kerke in 2001 ‘n bedrag van NZ\$18 000 oorbetaal aan die Reformed Church of Mozambique vir hulp ná die vloede daar. Ongelukkig het hulle geen terugvoer oor die aanwending van die geld kon kry nie, en het gevolglik besluit om nie verder geld daarvoor te kollekteer nie.
- 1.6.2.8 *Aborsie*: Die Sinode het weer eens bevestig dat aborsie ‘n oortreding van die sesde gebod is – behalwe waar die ma se lewe in gevaar is en alles redelik moontlik gedoen is om die lewe van die ongebore kind te spaar. Daar is besluit om met behulp van die mediese profesie ondersoek in te stel na wanneer konsepsie en gevolglik lewe plaasvind; en of sekere nood-kontrasepsiemetodes na verkragting op moord of op voorkoming van konsepsie neerkom.
- 1.6.2.9 *Inskakeling van oud Suid-Afrikaners by die RCNZ*: Tydens gesprekke met oud-lidmate van die GKSA en van die ander Afrikaanse kerke, asook met dr Jan Lion-Cachet, het dit duidelik geword dat daar ‘n dringende behoefte aan ‘n Afrikaanse bediening in veral Christchurch, en waarskynlik ook Hastings, bestaan. Die saak is met die RCNZ-predikante wat daar betrokke is, opgeneem. Hulle het gesê dat hulle dringend aan die saak aandag sal gee en ons sal nader oor moontlike optrede (bv deur ‘n predikant van die GKSA vir ‘n tyd lank na een of albei die gemeentes te stuur).
- 1.6.2.10 Tydens hulle besoek aan Nieu Seeland, het dr Stoker en ds Fourie ook ander ekumeniese kontakte gemaak, waaronder Die Afrikaanse Christelike Kerk van Nieu Seeland. Goeie kontak is met die leraars en lidmate van die Afrikaanse Christelike kerk van Nieu Seeland gemaak. Daar is tans drie gemeentes in die kerkverband waarvan een in Hamilton en twee in Auckland. Hulle het ook ander bedieningspunte (waaronder Rotarua) waar daar ook ‘n saamtrek van oud-Suid-Afrikaners is. Hulle leerstellings en inkleding is gegrond op die Gereformeerde siening van die Skrif. Al drie die leraars kom oorspronklik uit die NG Kerk. Een het egter pas terug na Suid-Afrika vertrek en die gemeente is besig om ‘n volgende predikant uit Suid-Afrika te beroep. Deur die Interkerklike Kommissie

vir die bediening van Afrikaners in die buiteland het die GKSA ekumeniese kontak met die ACKNZ. Die GKSA-afvaardiging is baie vriendelik deur die twee predikante ontvang en goeie samespreking is gehou oor die inskakeling van Suid-Afrikaners in hulle gemeentes, asook oor die belangrikheid van bande en samewerking met die kerke in Suid-Afrika en met die RCNZ. Dr Stoker het ook een van hulle dienste kon bywoon en is geleentheid gegee om die lidmate te bemoedig en hulle ook aan te moedig om uit te reik na die duisende kerklose oud-Suid-Afrikaners in Nieu Seeland.

- 1.6.2.11 Ander kontakte in Nieu Seeland: Tydens die Sinodesitting het die GKSA se afgevaardigdes informele samesprekings gevoer met die afgevaardigdes van die CRC Australië (oa oor die inskakeling van oud-Suid-Afrikaners in Australië, asook moontlike gesamentlike sendinguitreike in Afrika en Indonesië); die OPC van Amerika, en die Grace Presbyterian Church van Nieu Seeland.

Besluit: Kennis geneem.

1.6.3 Aanbevelings

- 1.6.3.1 Die Sinode konstateer met dankbaarheid dat die GKSA en die RCNZ steeds ekumenies een is.
- 1.6.3.2 Die Sinode spreek sy dankbaarheid uit vir die goeie samewerking wat die GKSA met die RCNZ geniet, vir die moeite wat hulle doen om ons oud-lidmate en ander oud-Suid-Afrikaners in te skakel; asook dat hierdie klein kerkverband die kostes aangaan om 'n afgevaardigde na die GKSA Sinodes te stuur.
- 1.6.3.3 Die Sinode gee opdrag aan sy Deputate Ekumenisiteit Buitelands om die RCNZ sover moontlik behulpsaam te wees met die uitreik na en inskakeling van oud-Suid-Afrikaners in Nieu Seeland.
- 1.6.3.4 Die Sinode neem kennis dat die RCNZ die GKSA bemoedig het om nie op 'n Skrifkritiese pad te gaan nie.
- 1.6.3.5 Die Sinode besluit dat die Deputate weer na die volgende Sinode van die RCNZ afvaardiging sal stuur.
- 1.6.3.6 Die Sinode gee aan die Deputate opdrag om onder meer as deel van die Interkerklike Kommissie vir die bediening van Afrikaners in die buiteland *ekumeniese kontak* met die Afrikaanse Christelike Kerke in Nieu Seeland te hou.
- 1.6.3.7 Die Sinode neem met dank kennis van finansiële ondersteuning deur die Kommissie vir Buitelandse Bediening van die drie Afrikaanse kerke.

Besluit: Goedgekeur.

1.7 Free Church of Scotland en Free Church of Scotland (Continuing) (FCS en FCS(Cont))

- 1.7.1 *Opdrag:* (1) Op hierdie stadium word nie verdere inisiatiewe deur die GKSA met betrekking tot die breuk geneem nie, en oor die skeuring word nie 'n bevinding of 'n keuse gemaak nie. (2) Met beide, die FCS en FCS(Cont), word ekumeniese eenheid (korrespondensie) gekonstateer. (3) In terme van die besluit van Sinode 2000 word dringend met die FCS en FCS(Cont) gesprek gevoer, om veral aandag aan die kerkregtelike houbaarheid van hulle "afsonderlike" bestaan in die RSA te gee, asook aan die FCSA se posisie ten opsigte van die gebeure in Skotland (Acta 2003:182).

Besluit: Kennis geneem.

1.7.2 Uitvoering van die opdrag

- 1.7.2.1 Die Sinode van die FCS is bygewoon deur prof A le R du Plooy in 2003. Kontak is ook gemaak met Deputate van die FCS(Cont).
- 1.7.2.2 Daar is met sorg kennis geneem van hofsake wat die FCS(Cont) aanhangig gemaak het teen die FCS.
- 1.7.2.3 Deputate van die FCS(Cont) het die ICRC as waarnemers bygewoon. Daar het ook 'n aansoek om lidmaatskap gedien. Die aansoek is egter nie deur die ICRC aanvaar nie om die volgende redes:
 - (a) Die voortslepende hofsake teen die FCS oor die naam en eiendom
 - (b) Die aard van die eise wat in die hofsake gestel word
 - (c) Die onwilligheid om te skik en die saak by te lê.

Besluit: Kennis geneem.

1.7.3 Aanbeveling

In die lig van die bestaan van die twee kerkgemeenskappe en 1.7.2.3 word aan die Deputate opdrag gegee om indringende gesprekke met die kerke te voer, tersaaklike dokumente na te gaan en die Sinode te adviseer oor toekomstige ekumeniese verhoudinge.

Besluit: Goedgekeur.

1.8 Christian Reformed Churches of North America (CRCNA)

- 1.8.1 Opdrag** (1) *Die gesprek oor korrespondensie word voortgesit. (2) Vermeende afwykinge van die Gereformeerde Hermeneutiek sowel as vermeende afwykinge van die Gereformeerde kerklike praktyk (liturgieë, ens) word verder ondersoek met die oog op 'n finale aanbeveling. Indien nodig word ook 'n dringende vermaning aan die CRCNA gerig. (3) Die nuwe Deputate stuur weer afgevaardigdes na die CRCNA. (Acta 2003:185-186)*

Besluit: Kennis geneem.

1.8.2 Uitvoering van die opdrag

- 1.8.2.1 Die twee afgevaardigdes (prof A le R du Plooy en dr DG Breed) het tydens hulle besoeke aan verskillende kerke in die VSA en Kanada ook die Sinode van die CRCNA by Calvin College vanaf 12-16 Junie 2004 bygewoon.
- 1.8.2.2 Verskillende gesprekke met lede van die Inter Church Relations Committee het plaasgevind. Die lede wat teenwoordig kon wees, is onder meer die voorsitter Michael, dr David Engelhardt (ook General Secretary van die CRCNA), Henry Swaanstra.
- 1.8.2.3 Die afgevaardigdes het geoordel dat wanneer die Kommissie van die CRCNA nadere inligting van die afgevaardigdes verwag oor die GKSA se verhoudinge met Sinode Soutpansberg en oor Teologiese Opleiding, hulle dit graag in die teenwoordigheid van ds T Liphadzi wil doen. Die gesprek oor hierdie sake het uiteindelik by twee geleenthede plaasgevind. Tydens 'n eerste gesprek met die Kommissie was ds Liphadzi nie teenwoordig nie, aangesien hy sy vlug van Chicago na Grand Rapids verpas het, en eers na afloop van die vergadering van die Kommissie opgedaag het. Die tweede geleentheid wat om hierdie rede geskep is, kon toe wel die volgende oggend plaasvind – 'n geleentheid waar twee lede van die CRCNA, die Deputate en ds Liphadzi self teenwoordig was. Die afgevaardigdes kon op Sondag 13 Junie 'n erediens in die Neeland CRC bywoon.

- 1.8.2.4 U afgevaardigdes het aan die betrokke Kommissie van die CRCNA 'n afskrif gegee van enkele besluite van Sinode 2003 waaronder die besluite oor die vrou in die kerk en oor die "neerdaling na die hel".

Besluit: Kennis geneem.

1.8.3 Bevindings

In die uitvoering van die opdrag waartydens in terme van die besluite van Sinode 2003 in besonder gefokus is op aspekte wat kommer wek, het die afgevaardigdes tot die volgende bevindings gekom:

- 1.8.3.1 Die besluit dat die verhouding "on hold" geplaas is, is kortlik soos volg verduidelik:
- (a) Dit beteken nie dat die verhouding opgeskort (suspension) is nie, maar op non-aktiwiteit geplaas is sodat en totdat minstens volledig(er) inligting oor kommerwekkende situasies verkry is.
 - (b) Dit is ook verduidelik dat hierdie besluit/optrede nie beskou moet word as 'n vorm van wraakneming (revenge) en 'n reaksie op die CRC se besluite om hul verhouding met die GKSA in die tagtigerjare op te skort nie.
- 1.8.3.2 Oor sake soos liturgie, homoseksualisme, kerkorde, vroue se posisie in die kerk ens waaroor daar by die GKSA dikwels kommer is, is daar in die Acts of Synods of the CRCNA besluite wat tot ons beskikking gestel is. Hierdie besluite wat die afgevaardigdes onder oë gehad het, vertoon nie 'n Skrifkritiese benadering nie. Versekeringe wat van hulle Deputate (ICR) ontvang is, bevestig hierdie bevinding.
- 1.8.3.3 Ten opsigte van liturgiese sake is die volgende bevind:
- (a) Daar bestaan in die praktyk van die kerklike lewe oor die algemeen 'n liturgie waarin daar heelwat deelname gebied word vir lidmate, en wel op verskillende maniere, byvoorbeeld deur voorlesings, musiekspel, kommunikasie met gemeente oor die gemeenskap van die heiliges se omstandighede, ens.
 - (b) Die bediening van die Woord neem 'n sentrale plek in, en sover die afgevaardigdes kon vasstel is daar nie charismatiese tendense in die eredienste nie. Volgens inligting hieroor het die charismatiese neigings in die algemeen afgeplat.
- 1.8.3.4 Ten opsigte van homoseksualisme:
- Die besluite van die CRCNA hieroor is duidelik, naamlik dat homoseksuele gedrag in stryd is met die Skrif, tugwaardig is en dat derhalwe ook geen homoseksuele persoon in enige amp verkies en bevestig mag word nie. Die Deputate het egter daarvan kennis geneem dat daar enkele kerke is wat nie by die besluite van die CRCNA in hierdie verband bly nie. Die ICR het verseker dat daar op die kerkordelike weg teen hierdie kerke opgetree sal word.
- Dit is belangrik dat die Deputate opdrag ontvang om hierdie aangeleentheid te monitor en met die CRCNA op te volg.
- 1.8.3.5 Ten opsigte van die vrou in die amp
- Vroue dien in die CRCNA in alle ampte in sekere Klassisse. Vrouens wat as ouderlinge en predikante dien, mag nie na sinodes afgevaardig word nie. Hoewel die Studieraporte van die CRCNA getuig van ernstige omgang met die Skrif, behoort die Skrifgronde van die CRCNA se besluite deur die GKSA deeglik nagegaan te word. Die CRCNA is ingelig oor die GKSA se besluite in hierdie verband.

1.8.3.6 "Neerdaling na die hel"

Die ICR het onderneem om die versoek in hierdie verband, naamlik kommentaar/advies oor moontlike veranderinge van die formulering, te hanteer en later aan die GKSA daaroor verslag te gee.

1.8.3.7 Die Sinode Soutpansberg se afgevaardigde

Die Deputate vestig graag u aandag op die optrede van ds Liphadzi by twee geleenthede.

(1) Ds Liphadzi het in sy groeteboodskap skerp veroordelend oor die GKSA gepraat en beskuldigings van rassisme gemaak. Hy het gestel dat die Reformed Church of Soutpansberg eintlik die enigste werklike Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika is. Hy het ook gestel dat Sinode Soutpansberg besluit het om nie verder met die GKSA saam te werk tov Teologiese Opleiding nie, maar dat hulle besig is om 'n eie opleiding te vestig.

(2) Tydens 'n gesprek tussen ds Liphadzi, lede van 'n Kommissie van die CRC (olv dr Engelhard) en ons afgevaardigdes – wat op versoek van die Kommissie van die CRCNA byeengeroep is na aanleiding van ds Liphadzi se groeteboodskap – het ds Liphadzi herhaal wat hy in die openbaar in die Sinode gesê het, en gestel dat hy en die Sinode Soutpansberg geen vertroue in ons en in die GKSA het nie. Daar is indringend gesprek gevoer oor aspekte soos kerklike struktuur, kerkeenheid, teologiese opleiding, die verhouding tussen die GKSA en die Universiteit, oor die skeuring in die geledere van Sinode Soutpansberg, waarvoor die GKSA die skuld gegee is, ens.

(3) 'n Skrywe is aan Sinode Soutpansberg gerig waarin die toespraak van ds Liphadzi aangevra is, maar hulle het nie gereageer nie.

Besluit: Kennis geneem.

1.8.4 Aanbevelings

1.8.4.1 In die lig van die opdrag wat uitgevoer is, asook in die lig van 1.8.3, besluit die Sinode om die bande van ekumeniese eenheid met die CRCNA te normaliseer deur aan die Deputate opdrag te gee om in die lig van die bevindings in 1.8.3 voort te gaan met gesprekvoering.

1.8.4.2 Met die oog op die normalisering van die verhoudinge word dit aan die Deputate opgedra om eers 'n finale ondersoek te doen oor die getuienis aangaande die toepassing van die Gereformeerde Belydenis en kerk-regeringsake, spesifiek rondom etiese en liturgiese sake.

1.8.4.3 Sinode Soutpansberg word versoek om 'n afskrif van die groeteboodskap van ds Liphadzi se bewerings wat hy in die openbaar oor die GKSA gemaak het, te verskaf.

Besluit: Goedgekeur.

1.9 Reformed Church Botswana (RCB)

Opdrag: (1) Die Sinode konstateer met dankbaarheid dat die GKSA en die RCB steeds ekumenies een is. (2) Hierdie eenheid word onderhou en verder uitgebou deur besoek van afgevaardigdes waar dit moontlik is (Acta 2003:185).

Besluit: Kennis geneem.

1.9.2 Uitvoering van opdrag

1.9.2.1 'n Besoek aan D'Kar is gebring tydens 9-11 Mei 2005. Gesprekke is gevoer met belanghebbendes en 'n vergadering is gehou met die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk D'Kar, saam met die predikant, ds Hendrik du Plessis.

Tydens die besoek is daar ook gesprekke gevoer met amptenare van die Kuru Trust, wat verantwoordelik is vir ontwikkelingswerk onder die Boesmans, naamlik Ds Jan Wessels (sendeling), Brr Hessel Vissert (Bybelvertaler), Koos Lessing (Wildsbestuurder—Rusplaas) en Hendrik Jerling (Kuru Trust Koördineerder D'Kar).

- 1.9.2.2 Daar is ook individuele gesprekke gevoer met ds Hendrik du Plessis en sommige van die kerkraadslede van die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk D'Kar.

Besluit: Kennis geneem.

1.9.2.3 Bevindings

- 1.9.2.3.1 Die bedieningswerk en sendingswerksaamheid, onder die bekwame leiding van ds Hendrik du Plessis, gaan tans voort vanuit die Gereformeerde Kerk D'Kar.
- 1.9.2.3.2 Hierdie bedieningswerk gaan egter gebuk onder erge finansiële druk, weens algemene armoede en 'n tekort aan finansiële steun van buite.
- 1.9.2.3.3 'n Gedeelte van die uitgawes van die Kerkraad word gedra deur inkomste wat gegenereer word uit die Kuru Trust. Buitelandse donateurs ondersteun die Kuru Trust. Hierdie fondse word nie vir bedieningswerk gebruik nie, aangesien donateurs slegs op "ontwikkelingswerk", aandring. Die Kerkraad van D'Kar ontvang slegs 2 100 pula per maand vanuit die Kuru Trust. In 2004 was die bedrag wat hierdie trust by donateurs ontvang het, 2.1 miljoen pula. Die Trust begroot vir 'n tekort van 80 000 pula vir 2005.
- 1.9.2.3.4 Die Kerkraad van D'Kar is die Trustees van die Kuru Trust, maar dit wil voorkom asof die Kerkraad nie praktiese betrokkenheid by besluitneming vir die Trust ervaar nie. Adviseurs speel 'n groot rol in die beleidsbepaling en bestuur van die Trust. Die Deputate kon nie 'n afskrif van die Trustakte bekom nie.
- 1.9.2.3.5 Daar is 'n grys area tussen die begrippe "sendingbediening" en "ontwikkeling", wat in die praktyk daarop neerkom dat die bedieningswerk ondergeskik is in die algemene voortgang van sake.
- 1.9.2.3.6 Ds Hendrik du Plessis, beskou sy roeping op die bedieningswerk gefokus en ervaar soms teenstand, veral as dit kom by theologiese sake (voorbeeld hiervan is oa die plek van die "kulturele danse" met 'n okkultiese inhoud, asook die toelatingsvereistes tot die sakramant van die Nagmaal).
- 1.9.2.3.7 Daar is noue band van ondersteuning, samewerking en respek tussen ds Hendrik du Plessis en die Kerkraad van D'Kar.
- 1.9.2.3.8 Tydens die vergadering met die Kerkraad van D'Kar, was daar spesifieke versoek van verskeie Kerkraadslede wat groter betrokkenheid van die GKSA bepleit het. Daar is veral gewys op die behoefté vir kundigheid, beplanning en advies, wat deur die GKSA gebied kan word. Die Kerkraad was veral gretig dat ds Hendrik du Plessis ondersteun moet word in sy bedieningswerk.
- 1.9.2.3.9 Die Gereformeerde Kerk D'Kar het eiendomsreg van die plase, D'Kar en Rusplaas. In verskeie gesprekke het die Deputate onder die indruk gekom van die ekonomiese voordeel van veral Rusplaas, wat met goeie beplanning 'n ekonomiese potensiaal vir die gemeente inhou.
- 1.9.2.3.10 Die Deputate het ook bevind dat daar soms verskillende benaderings, tussen die belanghebbendes bestaan, veral wat die bevordering van die

bedieningswerk betref en die plek en taak wat die kerk hierin moet vervul. Dit blyk dat die Kerkraad van D'Kar veral gefokus is op Koninkrykswerk.

1.9.2.3.11 Hierdie verskil in benadering lei tot spanning.

Besluit: Kennis geneem.

1.9.2.4 **Gevolgtrekkings**

- 1.9.2.4.1 Die bedieningswerk en sendingpoging in die Gereformeerde Kerk D'Kar kan grootliks versterk word deur betrokkenheid vanuit die GKSA.
- 1.9.2.4.2 Die ekumeniese eenheid tussen die GKSA en die Reformed Church of Botswana, kan so 'n betrokkenheid dien.
- 1.9.2.4.3 Die lang historiese verbintenis tussen die GKSA en sendingwerk onder die Boesmans, kan met goeie strategiese beplanning en georganiseerde bystand vanuit die GKSA met 'n nuwe verbeeldingryke program verder gevoer word.
- 1.9.2.4.4 Die betrokkenheid van die GKSA by die sendingpoging onder die Boesmans kan op die volgende terreine van waarde wees:
 - (a) Finansiële steun (ongeveer R10 000–R12 000 per maand) en finansiële beplanning.
 - (b) Tegniese advies (bv met die ontwikkeling van Rusplaas as 'n ekonomies winsgewende bate).
 - (c) Oprigting van oornaggeriewe vir besoekende Gereformeerde lidmate wat daar betrokke wil raak en ook tot voordeel van die gemeente op D'Kar aangewend kan word.
 - (d) Die betrokkenheid van die GKSA moet vanuit die staanspoor daarop gerig wees om die bedieningswerk van ds Hendrik du Plessis te ondersteun. Dit is die Deputate se oortuiging, dat die grootste behoefte huis op die gebied van sendingwerk lê aangesien daar reeds baie "ontwikkelingswerk" gedoen word deur ander groepe. Dit blyk bv dat heelwat van die werknemers van die Kuru Trust direk gekoppel is aan die Kerkraad van D'Kar.
- 1.9.2.4.5 Bogenoemde betrokkenheid word tans georganiseer deur die Gereformeerde Kerk Nylstroom, wat optree as koördineerder van die "Botswana-Sendinggroep" (BSG), waarby verskillende gemeentes van die GKSA reeds ingeskakel is. Hierdie projek sluit die volgende in:
 - (a) Fondswerving
 - (b) Kommunikasie en bekendstelling
 - (c) Administrasie
 - (d) Versameling van kundigheid
 - (e) Die reël van toergroepe
 - (f) Beplanning van projekte

Besluit: Kennis geneem.

1.9.3 **Aanbeveling**

- 1.9.3.1 Die Sinode neem met dank kennis van die werk wat gedoen is en konstateer eweneens met dankbaarheid dat die ekumeniese eenheid tussen die GKSA en die Reformed Church Botswana versterk is.
- 1.9.3.2 Die opdrag in 1.9.1 word herhaal.

Besluit: Goedgekeur.

1.10 Eglise Reformee Confessante au Congo (ERCC)

1.10.1 Opdrag: (1) Afgevaardigdes word op 'n gereelde basis na die kerke met wie daar reeds ekumeniese eenheid (korrespondensie) is, gestuur. (2) Op dieselfde wyse

word ekumeniese kontak en bande gehandhaaf en uitgebou (Acta 2003:193-194).

Besluit: Kennis geneem.

1.10.2 Uitvoering van die opdrag

- 1.10.2.1 Die kerke is in September 2005 deur afgevaardigdes uit SA besoek, nl ds HS Coetzee en oudl JPL Reinecke.
- 1.10.2.2 Die Kongo-diensgroep, wat onder toesig van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord staan, is steeds betrokke om vanuit ons kerkverband geld in te samel vir die ondersteuning van vyf Kongolese predikante wat in Suid-Afrika by ons Teologiese Skole studeer het. Oor die afgelope 7 jaar het meer as 50 Gereformeerde gemeentes by die dienswerk ingeskakel. Sustentasie van R2 225.00 word maandeliks aan die predikante en hulle gemeentes gestuur.
- 1.10.2.3 Die Deputate het dit as hulle verantwoordelikheid aanvaar om toe te sien dat daar, indien Potchefstroom-Noord om een of ander rede nie meer kan nie, 'n Kerkraad sal wees wat met die Kongo-hulpdiens voortgaan.
- 1.10.2.4 Met dankbaarheid kan daar melding gemaak word dat twee van die predikante, te wete ds Nsenga en ds Kabongo, waarskynlik binnekort as voltydse dosente by die Teologiese skool in Lubumbashi werksaam sal wees. Verdere telematiese studies aan die TSP sal DV binnekort 'n werklikheid word wanneer drie predikante van die Kongo vir graad en nagraadse doeleindeste inskryf.
- 1.10.2.5 Die ERCC is 'n groeiende kerk en danksy die samewerking met broers vanuit die VGK Nederland, word daar beoog om aan die einde van 2005 reeds 42 predikante in die meer as 200 Gereformeerde kerkies in die Kongo te hê.
- 1.10.2.6 Die Sinodebesluite is in Engels aan die kerke beskikbaar gestel.
- 1.10.2.7 Kontak is tydens die ICRC met hulle Deputate onderhou.

Besluit: Kennis geneem.

1.10.3 Aanbevelings

- 1.10.3.1 Die Sinode konstateer met dankbaarheid die ekumeniese eenheid tussen die GKSA en die ERCC.
- 1.10.3.2 Hierdie eenheid word deur verdere kontak deur gereelde besoeke uitgebou.

Besluit: Goedgekeur.

1.11 Gereformeerde Jeug in Londen

1.11.1 Opdrag: (1) *Die nuwe Deputate maak kontak met die FCS oor moontlike Afrikaanse eredienste in Londen of ander gesikte sentra. (2) Die Deputate moet voortgaan met besoek(e) en verdere ondersoek, onder meer deur die databasis van adresse uit te brei.*

Besluit: Kennis geneem.

1.11.2 Uitvoering van die opdrag

- 1.11.2.1 Besoeke is deur ds Ben Fourie, dr Neels Smit en prof Dries du Plooy (grotendeels sonder koste vir die Deputate) aan Rev David Strain van die London City Presbyterian Church (LCPC) – vroeër die Cole Abey Church – en aan Rev David Millar van die Cobham Presbyterian Church (CPC) gebring.
- 1.11.2.2 Hierdie besoeke het daartoe gelei dat die moontlikheid van Gereformeerde bediening aan Afrikaanse jongmense in Londen ordelik gereël kon word.

- 1.11.2.3 Die Deputate se uitgangspunt is om, soos in Australië en Nieu Seeland, nie 'n nuwe Afrikaanse kerk in Londen tot stand te laat kom nie, maar om Suid-Afrikaanse Gereformeerdes in Londen en omstreke te laat inskakel by 'n kerk met wie die GKSA korrespondensie onderhou.
- 1.11.2.4 Tegelykertyd het twee teologiese studente wat aan die einde van 2003 afgestudeer het, Thomas Dreyer en Kruger de Kock, verlof by die Kuratorium gekry om vir 'n jaar in Londen te gaan werk.
- 1.11.2.5 Die twee studente was bereid om hulle tyd en hulself onder toesig van die Kerkraad van die LCPC te gee vir die werk om eerstens Gereformeerde jongmense bymekaar te maak en hulle onder die bediening van die LCPC in te skakel. Op dié wyse is daar 'n stewige begin gemaak met die Gereformeerde bediening onder Afrikaanse Gereformeerde jongmense in Londen.
- 1.11.2.6 Die bereidwilligheid by die LCPC en die CPC vir hierdie bediening spreek uit 'n uitgebreide rapport van Rev Strain as "Moderator of the Kirk Session (our elder's council)". Hy teken die koms van die twee studente as 'n besondere seën van die Here aan. Voor die studente se koms in Londen was Rev Strain diep bekommend oor talle Gereformeerde Afrikaners in Londen met wie sy gemeente geen kontak gehad het nie:
- I was greatly burdened for them, knowing that the vast majority is without any regular gospel ministry, and many are drifting away from their Christian Profession. I was praying and asking how we could reach out to so many with such limited resources. It was only weeks later that I receive a telephone call informing me that two delegates, Dr Smit and Prof Du Plooy, from the Gereformeerde Kerk wished to meet me to discuss reaching out to the South African community.*
- Hy lewer 'n baie gunstige rapport oor die optrede en werk van die twee studente (en hulle vrouens, Erna en Stephanie) gedurende die afgelope maande en stel dit duidelik dat die ontwikkeling van die werk 'n voltydse bedienaar van die Woord vereis.
- 1.11.2.7 Dié werk van die twee studente het daartoe gelei dat daar tans 'n groep van ongeveer 160 jong Gereformeerdes is met wie kontak gemaak is en wat positief ingestem is oor die bediening vanuit die LCPC. Ongeveer 40 kan as gereelde kerkgangers aangemerkt word. Sommiges se werksomstandighede maak dit vir hulle onmoontlik om gereeld, of selfs af en toe, in die eredienste te kom, ander kom van tyd tot tyd.
- 1.11.2.8 Vir die LCPC het die "Afrikaner Outreach" 'n nuwe missie geword waarvoor hulle hul entoesiasties beywer. Om die LCPC nie in twee te verdeel, 'n Engelse en 'n Afrikaanse groep nie, het hulle Kerkraad besluit om die eredienste gesamentlik te hou. Om die behoefte aan Afrikaanse eredienste te ondervang, het die twee studente begin om die jongmense saans voor die erediens eers te laat saamkom vir 'n informele kuier, daarna begin 'n Bybelstudie waarin 'n erediens liturgie gevolg word. Die teks en preek van die vorige Sondagaand word gebruik om die Bybelstudie op te stel. Direk na die Bybelstudie begin die aanderediens.
- 1.11.2.9 Dié verwikkeling het daartoe gelei dat die noodsaaklikheid van 'n voltydse predikant vir die werk van verskeie kante af beklemtoon is. Nadat die Deputate die moontlikhede deeglik ondersoek het, is besluit om die proses vir die beroeping van 'n voltydse predikant vir Londen in werking te stel.

- 1.11.2.10 Die LCPC en die CPC, in samewerking met hulle "Presbytery" (Partikuliere Sinode), is bereid om R200 000 (van 'n beraamde R300 000 per jaar vir versorging en verblyf van 'n volydse predikant in Londen) byeen te bring, indien die GKSA R100 000(+) per jaar kan bydra. Die Deputate het reeds 'n toesegging van R100 000 vir die eerste jaar uit die Sendeling Bedieningstrust van Gereformeerde Kerke Rietvallei en Waterkloofrand bekom (met die moontlikheid van R75 000 vir die tweede jaar en R50 000 vir die derde jaar).
- 1.11.2.11 Die Deputate het na indringende ondersoeke tot die oortuiging gekom dat die enigste wyse waarop hierdie gemeenskaplike verantwoordelikheid van die GKSA nagekom kan word, minstens 2 verpligte kollekte per jaar is.
- 1.11.2.12 Intussen het onderhandelinge met die Gereformeerde Kerk Randburg daartoe gelei dat laasgenoemde kerk besluit het om 'n predikant te beroep wat na Londen gestuur sal word om in samewerking met en onder toesig van die LCPC onder Gereformeerde Afrikaanse jongmense te gaan werk. Vir die doel is proponent Kruger de Kock beroep en in Oktober 2005 bevestig. Hy is tans in Londen werksaam.
- 1.11.2.13 Die Deputate was behulpsaam om toe te sien dat die bedieningsooreenkoms tussen die Gereformeerde Kerk Randburg en die LCPC ordelik gereël word.

Besluit: Kennis geneem.

1.11.3 Aanbevelings

- 1.11.3.1 Die Sinode neem met dank kennis van die ontwikkeling.
- 1.11.3.2 Die Sinode neem met dank kennis van die geld wat ontvang is van die Sendeling Bedieningstrust.
- 1.11.3.3 Een verpligte kollekte, vir drie jaar, word vir hierdie bediening afgestaan.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig by 1.11.3.3. (Wysigings is hierbo aangebring.)

2. Kerke in Ekumeniese Bande

2.1 Gereformeerde Kerken Nederland (Vrijgemaakt) (GKN(v))

- 2.1.1 *Opdrag: Dat aangesien die GKN(v) sy 'streven naar zusterkerkrelaties' met die GKSA daadwerklik wil voortsit, daar oor die GKN(V) se gronde en motiewe, asook hulle begrip van ekumeniese eenheid (korrespondensie) en die voorwaardes en verwagtings daarvan verbonde, geoordeel moet word. Sake wat reeds in die gesprekke tussen die twee kerke se Deputate afgehandel is moet as afgehandel beskou word (vergelyk die Notule van die 3Partye Oorleg van 2 Nov 2000) (Acta 2003:201, 4.3.2.4.3).*

Besluit: Kennis geneem.

2.1.2 Uitvoering van opdrag

- 2.1.2.1 Op 10 September 2004 is weer 'n drievoudige gesprek tussen die Deputate van die GKN(v), die VGKSA en die GKSA op inisiatief van die GKN(v) in Potchefstroom gehou. Hiertydens is duidelikheid verkry oor die GKN(v) se motiewe en hulle begrip van ekumeniese eenheid, ens (kyk 2.1.1). Misverstande en onduidelikhede is opgeklaar.
- 2.1.2.2 Bepaalde besluite van die Sinode Amersfoort-Centrum in Julie 2005 het daartoe gelei dat ongeveer 1 250 Belydende en Dooplidmate hulle afgeskei het om 'n nuwe kerkverband te vorm, genaamd *Nieuwe Vrijgemaakte*. Hierdie nuwe kerkverband is in 8 kerke georganiseer. Tans het hulle slegs een predikant van

84 jarige leeftyd. Die besluite wat tot die afskeiding gelei het, kom hoofsaaklik op die volgende neer:

- (a) Die Sondag/Sabbat beskouing
- (b) Huwelik- en egskeidingbesluite
- (c) Die Liedboek van 1973. (Van die begin af was daar gesamentlike besware teen sekere liedere, daarom is 'n aantal geselekteer vir gebruik, maar die hele Liedboek moes as 'n eenheid behou word vanweë kopiereg bepalings)
- (d) Die besluit waarvolgens 'n federasie van kerke met die CGKN beoog word – waарoor daar 'n sterk huiwering by die beswaardes is

2.1.2.3 'n Eenparige besluit is geneem om aan die GKSA korrespondensie ("zusterkerkrelatie") te bied:

Deputaten Betrekkingen Buitenlandse Kerken (BBK)

van De Gereformeerde Kerken in Nederland

Sectie IV – Afrika

p/a H. ten Brinke, Stationsweg 17, 2411 CK Bodegraven, Nederland

tel. (++ 31) (0) 172 65 22 77; e-mail: henktenbrinke@hetnet.nl

Deputaten Ekumenisiteit van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

p/a Dr C.J. Smit

Bodegraven, 16 juni 2005

Geachte broeders,

Tijdens haar vergadering van 27 mei 2005 heeft de Generale Synode van onze kerken, die momenteel te Amersfoort vergadert, het voorstel van Deputaten BBK besproken om uw kerken, Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, een zusterkerkrelatie aan te bieden. Dat voorstel, plus het achterliggende rapport, is u toegezonden als bijlage bij een brief d.d. 24 Februari 2005.

Dit voorstel is door de synode met algemene stemmen aanvaard.

Gezien de voorgeschiedenis van de relatie tussen uw en onze kerken mag dit een historisch besluit genoemd worden.

Sinds 1944 (de 'Vrijmaking' binnen de Gereformeerde Kerken in Nederland) was er geen zusterkerkrelatie tussen uw kerken en de vrijgemaakte Gereformeerde Kerken in Nederland. Nadat u in 1976 de band met de 'synodaal' Gereformeerde Kerken in Nederland verbroken had, erkende in 1981 de Generale Synode van Arnhem van onze kerken uw kerken als ware kerk van de Here Christus.

Het duurde tot 2002 voordat er, op de Generale Synode van Zuidhorn 2002, een voorstel lag tot het aangaan van een zusterkerkrelatie. We realiseren ons nog steeds de pijn die het bij u veroorzaakte dat die synode op dat moment nog niet kon overgaan tot het aanvaarden van dat voorstel. Wel besloot de Synode Zuidhorn om haar Deputaten BBK als opdracht mee te geven "te streven naar een zusterkerkrelatie met de GKSA" (Acta, art. 177).

Aanvullend onderzoek en gesprekken resulteerden in het voorstel van Deputaten BBK aan de Generale Synode van Amersfoort om een zusterkerkrelatie aan te

bieden aan uw kerken – welk voorstel dus, zoals gezegd, door de synode is aanvaard.

In een bijlage bij deze brief doen we u het betreffende besluit plus de gronden toekomen.

(In een bijlage bij de al genoemde brief van 24 februari 2005 hebben wij u de regels doen toekomen die binnen onze kerken gelden met betrekking tot een zusterkerkrelatie.)

Wij van onze kant zijn er blij mee dat onze kerken dit besluit konden nemen. We zien nu hoopvol uit naar de reactie van uw kerken.

Als het aanbod van onze kerken door uw kerken wordt aanvaardt, en er dus metterdaad een zusterkerkrelatie zal zijn, betekent dat het einde van lang zoeken naar elkaar. Tegelijk betekent dat het begin van het inhoud geven aan die relatie. We bidden dat dat voor onze beide kerkgemeenschappen opbouwend zal zijn. In de contacten tussen uw en onze kerken hebben Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (VGKSA), die al vanaf hun ontstaan een zusterkerk zijn van de Gereformeerde Kerken in Nederland, steeds een belangrijke plaats gehad. Tijdens de gesprekken tussen u en ons, op Deputatenniveau, in september 2004, is nadrukkelijk gesteld dat een zusterkerkrelatie tussen uw en onze kerken niet mag betekenen dat de VGKSA worden buitengesloten. Onze synode heeft, op voorstel van ons als Deputaten BBK, dat punt nadrukkelijk meegenomen in haar besluitvorming (besluit 2f).

Wij zien ernaar uit om samen met u de zusterkerkrelatie, wanneer uw kerken die aanvaard hebben, vorm te geven. Tot opbouw en versterking van onze beide kerkgemeenschappen, en tot eer van onze God.

Met broedergroet,
namens Deputaten BBK,
Henk ten Brinke

BIJLAGE

Besluit van de Generale Synode van de Gereformeerde Kerken in Nederland, Amersfoort 2005, ten aanzien van Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Materiaal

Aanvullend rapport BBK

Besluit

1. een zusterkerkrelatie aan te bieden aan Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA);
2. Deputaten op te dragen
 - a. dit aanbod aan de GKSA over te brengen;
 - b. Die Vrije Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (VGKSA) van dit aanbod op de hoogte te stellen;
 - c. als de GKSA dit aanbod aanvaarden, samen met de GKSA vorm te geven aan die zusterkerkrelatie;
 - d. het gesprek met de GKSA over vragen rondom de hermeneutiek c.a. voort te zetten;
 - e. in de relatie met de GKSA aandacht te hebben voor de contacten van de GKSA met de Nederlands Gereformeerde Kerken (NGK);
 - f. te participeren, indien dat door deze kerken wordt gewenst, in het kerkelijke gesprek tussen de VGKSA en de GKSA;

3. eraan mee te werken dat de GKSA toegelaten worden tot de International Conference of Reformed Churches.

Gronden

ad 1, 2a, 2c:

De GKSA zijn te erkennen als een ware kerken van Jezus Christus (vgl ook al GS Arnhem 1981, art.138, en GS Leeuwarden 1990, art.122). Zij hebben de drie formulieren van eenheid (de Nederlandse Geloofsbelijdenis, de Heidelbergse Catechismus en de Dordtse Leerregels) als grondslag, en hebben een gereformeerde kerkorde. Zij zetten zich in om op die grondslag te bouwen, en hun kerkelijke orde te handhaven.

ad 2b:

Dit is in overeenstemming met één van de regels voor het beoefenen van zusterkerkrelaties: “De kerken zullen elkaar informeren met betrekking tot het aangaan van zusterkerkrelaties met derden” (Acta GS Ommen 1993, art. 68).

ad 2d:

Het debat rondom de hermeneutiek c.a. houdt de GKSA erg bezig. Af en toe zijn er in dat debat uitletingen die vragen oproepen. In dat debat gaat het om reële punten; een gesprek daarover is ook voor de GKV van belang.

ad 2e:

De NGK zijn een kerkgemeenschap waarmee de GKV geen kerkelijke eenheid heeft. Wanneer er een zusterkerkrelatie wordt aangegaan door de GKSA en de GKV, is het van belang dat de GKSA op de hoogte is van wat de GKV en de NGK scheidt. Het mag niet worden uitgesloten dat de GKSA kan helpen bij het bevorderen van de relatie tussen de GKV en de NGK.

ad 2f:

De VGKSA zijn al sinds lang zusterkerken van de GKV. Een relatie tussen de GKSA en de GKV mag niet betekenen dat de VGKSA in die relatie vergeten worden. De GKV zijn bereid om, indien gewenst, te participeren in het gesprek tussen de GKSA en de VGKSA.

ad 3:

De GS Zuidhorn 2002 gaf deze opdracht al aan de toenmalige Deputaten; omdat aan deze opdracht nog niet kon worden voldaan (de ICRC vergadert pas weer in 2005) wordt deze opdracht nu opnieuw meegegeven.

Besluit: Kennis geneem.

2.1.3 Aanbevelings

- 2.1.3.1 Dat met dankbaarheid teenoor die Here gevvolg gegee word aan die aanbod van die GKN(v) om ekumeniese eenheid (“zusterkerkrelatie”).
- 2.1.3.2 Dat aan die Deputate opdrag gegee word om die wedersydse betekenis van ekumeniese eenheid tussen die twee kerkgemeenskappe verder uit te werk en daaraan praktiese gevvolg te gee.

Besluit: Goedgekeur.

2.2 Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (VGKSA)

- 2.2.1 **Opdrag:** (1) Die gebeure op Sinode Zuidhorn in 2002 moet opgeklaar word. (2) Die Deputate moet opnuut die VGKSA se gronde en motiewe vir ekumeniese bande, hulle begrip van ekumeniese eenheid en die voorwaardes en verwagtinge daaraan verbonde beoordeel, sonder om weer vooraf afgehandelde sake ter tafel te neem (Acta, 2003:209, 5.1.4).

Besluit: Kennis geneem.

2.2.2 Uitvoering van Opdrag

- 2.2.2.1 Op die gesamentlike vergadering van die Deputate van die GKSA, die GKN(v) en die VGKSA wat op 10 September 2004 in Potchefstroom gehou is, is duidelikheid verkry oor die VGKSA se standpuntstelling op die Sinode van Zuidhorn 2003, asook hulle gronde en motiewe vir ekumeniese bande, hulle begrip van ekumeniese eenheid en die voorwaardes en verwagtinge daarvan verbonde (kyk 2.2.1).
- 2.2.2.2 Die Deputate van die VGKSA het die voorneme te kenne gegee om die gesprek oor hermeneutiese beginsels met die GKSA voort te sit.
- 2.2.2.3 Dr CJ Smit en ds BCG Fourie is as afgevaardigdes van die GKSA op die Sinode van die VGKSA in 2004 verwelkom waar die optredes van die afgevaardigdes van die VGKSA op Zuidhorn verder opgeklaar is.

Besluit: Kennis geneem.

2.2.3 Aanbevelings

- 2.2.3.1 Die Deputate kry opdrag om die gesprek om ekumeniese eenheid met die VGKSA voort te sit.
- 2.2.3.2 Die gesprek oor hermeneutiek wat die VGKSA met die GKSA verder wil voer, kan op inisiatief van die GKSA saam met die GKN(v), en moontlik ook saam met die NedGK en die CGKNN, in 'n konferensie voortgesit word met toespitsing op *Die Vrou in die Kerk*.

Besluit: Goedgekeur.

2.3 Orthodox Presbyterian Church (OPC)

- 2.3.1 **Opdrag:** *Die Deputate moet die (GKSA se aanbod vir) korrespondensie afhandel (Acta 2003:206).*

Besluit: Kennis geneem.

2.3.2 Uitvoering van die opdrag

- 2.3.2.1 Twee Deputate, naamlik prof Ale R du Plooy en dr DG Breed het die Sinode van die OPC bygewoon en gesprek met die Deputate gevoer.
- 2.3.2.2 Die Sinode van die OPC van 2005 het besluit op ekumeniese eenheid met die GKSA en dit per brief bevestig.
- 2.3.2.3 Tydens die ICRC in Oktober 2005 is verskeie opvolggesprekke met die OPC se Deputate gevoer om die belang en implikasies van ekumeniese eenheid verder uit te werk.

Besluit: Kennis geneem.

2.3.3 Aanbevelings

- 2.3.3.1 Die Sinode aanvaar met dank dat die GKSA se aanbod vir korrespondensie met die OPC, waardeur ekumeniese eenheid tussen die GKSA en OPC tot stand kom, aanvaar is.
- 2.3.3.2 Die inhoud van hierdie ekumeniese eenheid word verder deur die onderskeie kerkgemeenskappe se Deputate uitgewerk.

Besluit: Goedgekeur.

2.4 United Reformed Church of America (URCNA)

- 2.4.1 **Opdrag:** *(1) Deputate word na die volgende Sinode van die URCNA gestuur. (2) Korrespondensie word die URCNA aangebied (3) Kontak word gehou met die kerkgemeenskappe in NAPARC, onder andere deur kontak met die URCNA (Acta 2003:204).*

Besluit: Kennis geneem.

2.4.2 Uitvoering van die opdrag

- 2.4.2.1 Twee Deputate naamlik prof A le R du Plooy en dr DG Breed het die Sinode van die URCNA in 2004 bygewoon. Die URCNA se vyfde Sinode is op 15 tot 18 Junie te Calgary in Kanada gehou. Verdere gesprekke is met die Deputate van die URCNA (di Sikkema en Taylor) tydens die ICRC opgeneem.
- 2.4.2.2 Tydens die sitting van die Sinode het die Deputate geleentheid gehad om samesprekings te voer met hulle Deputate vir "Inter Church Relations" en met die Sinode se Kommissie vir pre-advies. Hulle kon ook deelneem aan die bespreking oor die bande tussen die GKSA en die URCNA. Dit was duidelik dat daar by die URCNA groot kommer bestaan oor die GKSA se standpunt oor die vrou in die diakenamp. Die Deputate het aan die Deputate en Kommissie asook aan die Sinode die besluite van die GKSA Sinode verduidelik en beklemtoon dat die GKSA steeds die goddelike gesag van die Skrif erken. Die Deputate het hulle versoek om duidelik aan te dui hoe die GKSA se besluit aangaande die vrou in die diakenamp op 'n ontkenning van die gesag van die Skrif dui.
- 2.4.2.3 Die URCNA se Sinode het besluit om nie in die bande met die GKSA vanaf "Phase One" na Phase Two" dit wil sê tot volle eenheid, te beweeg nie. Die Sinode het ook besluit om onderstaande brief aan die GKSA se Sinode 2006 te skryf. In die brief word ook verwys na "other decisions which are (also) disturbing the peace of the GKSA". In die brief wat die Sinode van die URCNA goedgekeur het, word die GKSA Sinode aangemoedig om weg te keer van weë wat verskil met die weg wat die Skrif aandui.
- 2.4.2.4 Die volgende skrywe is van die URCNA ontvang:
To: Synod 2006 of the GKSA
From: Synod Calgary 2004 of the URCNA
Date: June 18, 2004

Esteemed Brothers in the Lord:

It is our joy and privilege to greet you in the name of Jesus Christ, the Lord and King of the church. He, our Savior and Lord, feeds and nourishes His church by His Word and Spirit, ever leading and directing her into the truth—that she may be the pillar and foundation of the truth. The Word of the Lord is also “the sword of the Spirit: which the church is called to handle — to uphold, to defend, and to administer—in faithfulness and in truth.

Such, we confess, is the mandate of each and every congregation; such is also the task of a federation of churches and of the member churches of the ICRC vis a vis each other. It is, therefore, also the responsibility of churches and of federations of churches that they hold each other to their sacred task and calling, and that they admonish each other and call each other to repentance when they depart from the teaching of the Word.

That brings us to the reason for this fraternal letter to you, the 2006 Synod of the GSKA. It is our conviction that your most recent Synod, that of January 2003, made a decision which is in conflict with the clear teaching of the Lord of the church. We refer to your decision regarding "Women in Office," your opening of the office of deacon to women. It grieves us that you chose to take this divisive action. In the light of our newly adopted Guidelines for Ecumenical Contact and Ecumenical Fellowship with Churches Abroad, your present course on this matter

may have adverse implications for our future relationship. (Please refer to our Guidelines attached.)

We understand that there are additional decisions/developments which are (also) disturbing the peace of the GKSA. Some of the unrest concerning these issues may be rooted in sentiment or tradition(alism) and some may be born of a genuine difference in understanding the witness of the Biblical text: What does the Lord say regarding these issues?

However, to the question of "Women in the Office of Deacon" — which, on the basis on which it was adopted, must and will lead the GKSA to "Women in the Office of Elder/Minister" (unless indeed you give a clear-cut interpretation of Article 38 of the CO of the GKSA that will prevent women who are appointed to serve as deacons in a congregation from functioning as office-bearers in the council) — the witness of Scripture is clear and has never been refuted, as all faithful-to-the Word Reformed churches have upheld. The Bible clearly does not say that women may or ought to be holding ecclesiastical office. Such teaching of the Scriptures is indeed offensive to the "spirit of the age," but it is the calling of the church to answer that "spirit" with a witness that is faithful to the Word.

We want, therefore, both to admonish you and to encourage you to turn from this new, foreign-to-the-Scripture way, that you may experience the blessing of the Lord—which the Lord promises to all who walk with Him in faithfulness to His Word. Therefore it is our desire that our committee continue to work with your committee on this particular issue.

We have decided to maintain our present relationship with you at Phase 1: Ecumenical Contact—hoping, trusting, praying that in due time it can be moved to Phase 2: Ecumenical Fellowship. That, however, can only take place with churches that share with us "a like precious faith" in faithful obedience to the Word of the Lord.

Brothers, receive our hearty greetings, which we extend to you with our prayer that you submit yourself wholly, completely, joyfully to the Word of our God.

Fraternally in Christ,

Rev. Bill DeJong, Stated Clerk

On behalf of URCNA Synod Calgary 2004

P.S. Please address Mr. Bill Konynenbelt at urcna@shaw.ca with any return correspondence.

Besluit: Kennis geneem.

2.4.3 Aanbevelings

- 2.4.3.1 Die opdrag soos in 2.4.1 word gekontinueer.
- 2.4.3.2 Kennis word geneem van die URCNA se besluite aangaande die GKSA.
- 2.4.3.3 Die Sinode spreek sy spyt uit dat die URCNA nie sy weg oopsien om met die GKSA in 'n verhouding van "ecumenical fellowship" te gaan nie .
- 2.4.3.4 Die Deputate rig 'n versoek dat die URCNA aandui hoe die GKSA se besluit oor vroue in die amp van diaken instryd is met God se Woord.
- 2.4.3.5 Die Deputate rig 'n versoek tot die URCNA om aan te dui presies wat die besluite ("decisions/developments") is waarna hulle verwys (wat volgens hulle die vrede in die GKSA versteur) en dat hulle aandui of hulle oordeel dat die GKSA daaroor vermaan moet word.

Besluit: Goedgekeur.

2.5 Reformed Church of the United States (RCUS)

2.5.1 Opdrag: (1) Kontak moet met NAPARC onderhou word. (2) Kontak moet met die lidkerke, veral die RCUS, gesoek word (Acta 2003:207).

Besluit: Kennis geneem.

2.5.2 Uitvoering van die opdrag

2.5.2.1 Die Sinode van die RCUS is in 2004 deur prof A le R du Plooy en dr DG Breed bygewoon. Uit samesprekings met dr Robert (Bob) Grossmann was dit duidelik dat die RCUS 'n Gereformeerde Kerk is wat werklik erns daarmee maak om in leer, diens en tug getrou te wees aan die Skrif. Dr Grossmann het aangedui dat hy later in 2004 na Suid-Afrika kom. Die afgevaardigdes het hom uitgenooi om by die geleentheid met ons kontak te maak sodat verdere samesprekings gevoer kon word.

2.5.2.2 'n Skrywe is van die besoekende Deputate (di Syms en Treick) ontvang waarin spesifiek gevra word vir ontmoetings met die Deputate van die GKSA. Meer as een ontmoeting het gerealiseer met die Deputate tydens die ICRC asook ná die tyd met die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Rietvallei. Ds Kayayan word mild ondersteun deur die RCUS.

Die opvallende ooreenkomste tussen die GKSA en die RCUS is beklemtoon, alhoewel die RCUS in klein getalle bestaan.

Besluit: Kennis geneem.

2.5.3 Aanbeveling

2.5.3.1 Die Sinode spreek sy dank uit oor die ontwikkeling wat in ekumeniese samewerking tot stand gekom het.

2.5.3.2 Ekumeniese bande word met die RCUS uitgebrei en ekumeniese eenheid word aan dié kerkgemeenskap gebied.

Besluit: Goedgekeur.

2.6 Free Church of South Africa (FCSA)

2.6.1 Opdrag: Die gesprek met die FCSA met die doel van ekumeniese eenheid, word as een van die prioriteite op die agenda van die nuwe Deputate voortgesit (Acta 2003:210).

Besluit: Kennis geneem.

2.6.2 Uitvoering van die opdrag

2.6.2.1 Kontak is met die FCSA gemaak tydens die ICRC. Vanweë 'n verandering in die Bestuur van die Dumisani Opleidingskollege en 'n gevolglike verandering van Deputate het daar 'n onvermydelike onderbreking in die gesprek tussen die GKSA en die FCSA gekom. Daar is geen mandaat aan die Deputate van die FCSA gegee om die gesprek verder voort te sit en tot 'n punt te voer nie.

2.6.2.2 Individuele gesprekke is egter wel met die deputaat van die FCSA opgeneem, asook met die nuwe Rektor van die Dumisani Opleidingskollege. Die oordeel van die Deputate is dat die FCSA *de facto* nog nie heeltemal onafhanklik van die Skotse kerke kan bestaan nie.

Besluit: Kennis geneem.

2.6.3 Aanbeveling

Die opdrag soos in 2.6.1 word gekontinueer.

Besluit: Goedgekeur.

3. Kerke in Ekumeniese Kontak

3.1 Kerke in Spanje en Frankryk

3.1.1 Opdrag: “Die Deputate kry opdrag om ondersoek in te stel na en kontak te maak met nuutgestigte/nuutontstane kerke in Europa.”

Besluit: Kennis geneem.

3.1.2 Uitvoering van die opdrag

Daar is nie spesiale besoeke onderneem na Europa om ondersoek in te stel nie en nie een van die ander besoeke het vrug in dié verband opgelewer nie. Kontak is wel gemaak met 'n Deputaat van die Gereformeerde Kerke in Spanje, wat pas as lid van die ICRC aanvaar is. Die betrokke opdrag behoort 'n staande opdrag aan die Deputate te bly.

Besluit: Kennis geneem.

3.1.3 Aanbeveling

Die opdrag in 3.1.1 bly 'n staande opdrag aan die Deputate, ook ten opsigte van ander wêrelddele.

Besluit: Goedgekeur.

3.2 Kerke in Sri Lanka (LRC)

3.2.1 Opdrag: (1) 'n Waghouding word steeds ingeneem ten opsigte van die uitvoering van die opdrag van Sinode 2000 vir ekumeniese eenheid met die LRC (2) Daar word opdrag aan die nuwe Deputate gegee om verdere ondersoek in te stel (Acta 2003:194).

Besluit: Kennis geneem.

3.2.2 Uitvoering van die opdrag

Geen verdere besoeke is aan Sri Lanka gebring nie. Die situasie in die LRC toon agteruitgang, in so 'n mate dat daar nie meer werklik van 'n kerkverband sprake is nie. Die enigste aktiwiteit wat tans bedryf word is die Christelike skool waar daar ook dienste gehou word. Die situasie is ook met ander kerke, wat in Sri Lanka betrokke is of was, bevestig.

Besluit: Kennis geneem.

3.2.3 Aanbeveling

Die Deputate monitor die situasie en verdere ontwikkeling. Daar word by die volgende Sinode weer hieroor gerapporteer.

Besluit: Goedgekeur.

3.3 Indonesië

3.3.1 Opdrag: (1) Voortdurende voorbidding word vir die kerke in Indonesië gedoen – soos vir ander kerke wêreldwyd (2) Die nuwe Deputate stuur 'n afgevaardigde in antwoord op die uitnodiging van die kerke in Timor daarheen om inligting in te win en ekumeniese kontak te ondersoek (Acta 2003:196).

Besluit: Kennis geneem.

3.3.2 Uitvoering van die opdrag

3.3.2.1 Die Calvinisties-Gereformeerde Kerke van Wes-Timor (GGRCI)

Die GGRCI is 'n onafhanklike Gereformeerde Kerkgenootskap wat in die 1950's op die eiland Timor en omliggende eilande in Indonesië gestig is. Tans is daar 11 gemeentes en 5 sendingposte waar hulle besig is met kerkplanting. Die 9 predikante wat hulle het, kan nie deur die arm gemeentes onderhou word nie en moet self sorg vir kos op die tafel. Hulle teologiese studente studeer tans te Bali

by 'n teologiese skool waarby die Heritage Reformed Church van die VSA ook op 'n stadium betrokke was. Van hulle predikante is ook opgelei by die teologiese skool van die Canadian Reformed Churches in Hamilton, Ontario. Die kerk het reeds 'n Gereformeerde skool (van voorskools tot graad 10) en hoop om dit ook mettertyd uit te bou om 'n teologiese skool in te sluit.

Die GGRCI het die GKSA versoek om nadere kontak en samewerking. In opdrag van Sinode 2003 het dr Henk Stoker en ds Ben Fourie die kerke daar besoek. Insiggewende gesprekke het gevolg waarin hulle leerstellige suiwerheid, asook hulle erns met en opgewondenheid oor die uitdra van die ware evangelie van Jesus Christus telkens opgeval het. Ook is maniere bespreek waarop ons mekaar kan bystaan ten opsigte van

- (a) teologiese opleiding en die opleiding van kerkleiers;
- (b) die uitruil van katkisasie, pastorale, etiese en ander materiaal;
- (c) die ondersteuning in uitrek-inisiatiewe (- daar is geweldig baie geleenthede);
- (d) hulp met besigheids-inisiatiewe om die lidmate en daardeur ook die kerke finansieel sterker te maak sodat die werk kan uitbrei en daar 'n ekonomiese bolwerk teen Islam kan kom;
- (e) hulp met onderwys en mediese sake;
- (f) ekumeniese samewerking op verskeie vlakke.

Bemoedigende dinge is gehoor oor mense wat uit Islam en die heidendom tot bekering kom, hoe weeskinderen gehelp word, en hoe die kerk van die Here op ander eilande bygestaan word wat deur aardbewings en vervolging getref word. Ook is diep onder die indruk gekom van hoe Gereformeerde Christene te midde van groot armoede met vreugde leef en opgewonde is om die rykdom van die evangelie met ander te deel.

3.3.2.2 Kerke in Java

Tydens hulle besoek aan Indonesië het ds Ben Fourie en dr Henk Stoker in Jakarta onder andere samesprekings gehou met prof Kadarmanto Hardjwasito van die Gereformeerde Kerke van Java (Indonesië). Hy is daar vise-rektor van die teologiese skool waar hulle teologiese studente onder andere opgelei word. Hierdie kerkgenoootskap het veral gemeentes in en om Jakarta, die hoofstad van Indonesië. Hulle het daar 'n ledetal van rondom 350 000. Hulle is lid van die REC (Gereformeerde Ekumeniese Raad). Die afgelope klompie jare het heelwat bekeerlinge uit Moslem-geledere deel van die kerke daar geword. Tans is daar baie druk op die kerke. Digby 'n 1 000 kerke is volgens die Christene die afgelope sewe jaar deur Moslem-ekstrimiste in Indonesië afgebrand. Die Gereformeerde Kerke van Java kry selfs in die groter Jakarta al swaarder, soos gesien kan word deurdat die (Moslem-)owerheid 'n hele paar van hulle kerke gedwing het om te sluit.

Samesprekings is gevoer oor ons en hulle teologiese opleiding, asook die verdere opleiding van predikante en die toerusting van lidmate. Hulle stel daarin belang dat ons en hulle mekaar moet bystaan wat materiaal en dosering betref, en vra dat ons 'n afvaardiging sal stuur wat 'n paar dae lank kan kom om opleiers, kerkleiers en diensorganisasies te ontmoet, asook om deel te neem aan hulle programme. Op die wyse kan die GKSA en die Gereformeerdes van Java mekaar beter leer ken, mekaar bystaan, vir mekaar voorbidding doen en van mekaar leer.

Besluit: Kennis geneem.

3.3.3 Aanbevelings

- 3.3.3.1 Nouer bande word met die kerke in Wes Timor deur opvolgbesoeke nagestreef.
- 3.3.3.2 Die kerke en individuele Christene in Indonesië wat onder verdrukking ly, word opgedra aan die genadetroon van die Here.
- 3.3.3.3 Verdere ekumeniese kontak met die Gereformeerde Kerke van Java word gemaak met die oog op ekumeniese bande.
- 3.3.3.4 Die Deputate stuur een of meer afgevaardigdes om die ekumeniese kontak uit te bou en te kyk hoe die GKSA en die kerke in Indonesië, veral wat opleiding betref, kan saamwerk.

Besluit: Goedgekeur.

3.4 Kerke in Afrika

- 3.4.1 *Opdrag:* (1) Afgevaardigdes word op 'n gereelde basis na die kerke met wie daar reeds ekumeniese eenheid (korrespondensie) is, gestuur. (2) Op dieselfde wyse word ekumeniese kontak en bande gehandhaaf en uitgebou (Acta 2003:193-194).**

Besluit: Kennis geneem.

3.4.2 Uitvoering van die opdrag

3.4.2.1 Prioriteit van Sendingfokus vir Afrika

Gedurende die afgelope drie jaar het die Ekumeniese Deputate Buitelands die noodsaak besef om binne die Deputaatgroep meer klem te laat val op die GKSA se sendingfokus op Afrika. Verskillende kontakte is opgebou wat in 'n volgende termyn daadwerklik uitgebou moet word. Die Deputate besef ook die verantwoordelikheid van die GKSA in die identifisering, bekendstelling en koördinering van Gereformeerde sendingaksies in Afrika.

3.4.2.2 Sendingkonferensie

In Maart 2005 is 'n Internasionale Sendingkonferensie gehou wat op 'n besondere wyse daartoe bygedra het dat ekumeniese bande gebou en samewerkingsooreenkoms gesluit is. 'n Soortgelyke konferensie word vir 2006 beplan.

3.4.2.3 Werksaamhede in Afrika

3.4.2.3.1 Demokratiese Republiek van die Kongo

Die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord koördineer die hulp wat verskeie gemeentes van die GKSA aan Gereformeerde gemeentes/predikante in die DRK verleen.

3.4.2.3.2 Botswana

3.4.2.3.2.1 Gereformeerde Kerk D'Kar

Die Gereformeerde Kerk Nylstroom koördineer die hulp wat verskeie gemeentes van die GKSA aan die bediening van ds Hendrik du Plessis verleen. Hierdie bedieningshulp het noodsaaklik geword nadat Nederlandse kerke hulle hulp vir hierdie bediening teen die einde van 2004 onttrek het.

3.4.2.3.2.2 Motopi

Die Gereformeerde gemeentes van Rietvallei en Magol koördineer die hulp wat aan 'n sendelingegpaar te Motopi verleen word. Verskeie ander gemeentes is ook besig om by hierdie bediening betrokke te raak.

3.4.2.3.2.3 Predikant vir Gabarone

Deur middel van die Sendeling Bedieningstrust is die Gereformeerde gemeentes van Zeerust en Mafikeng besig om 'n predikant vir Gabarone te beroep.

3.4.2.3.3 Zambië

Die Gereformeerde Kerk Pretoria koördineer die hulp van verskeie gemeentes vir die bediening van ds Charles Zulu in Lusaka.

3.4.2.3.4 Ander Afrikalande

Die Gereformeerde Kerk Messina is by die bediening in Zimbabwe betrokke.

3.4.2.3.5 Franse Radio bediening

3.4.2.3.5.1 Die bediening van ds Eric Kayayan het in die afgelope drie jaar nie net oor Afrika uitgebrei nie, maar het selfs in Frankryk en Kanada nuwe uitbreidingsmoontlikhede ontdek.

3.4.2.3.5.2 Die versoek van die Gereformeerde Kerk in die Ivoorkus tot ekumeniese eenheid word deur die Deputate ondersoek.

3.4.2.3.6 Ander geleenthede

3.4.2.3.6.1 Met die hulp van die Sendelingbedieningstrust het die Gereformeerde Kerk Randburg 'n predikant vir die bediening van Afrikaanssprekende jongmense in Londen beroep.

3.4.2.3.6.2 Repaiwe: Vanuit die ander Gereformeerde Sinodes is daar ook 'n groeiende betrokkenheid by die saak van Gereformeerde Sending. Daar is alreeds onderlinge kontak gemaak wat in die toekoms daadwerklik uitgebou moet word.

3.4.2.4 **Gesprek met NG en NH Kerke oor bediening in Afrika**

Die afgelope drie jaar was daar verskillende gesprekke tussen afgevaardigdes van die GKSA, die NG kerk en die NH kerke met betrekking tot die saak van Buitelandse bediening. Ook in hierdie gesprekke is die noodsaak van 'n fokus op Afrika en die bedieningsgeleenthede wat in Afrika opduik, gevoer. Hierdie gesprekke het daartoe aanleiding gegee dat 'n uitgebreide Afrika-toer deur hierdie kerke beplan is. 'n Volledige verslag hieroor is besig om saamgestel te word. Die neerslag van hierdie verslag sou baie beslis die doelstelling en werksaamhede van die GKSA se ekumeniese Deputate (Afrika) kon bevorder.

3.4.2.5 **Sendelingbedieningstrust**

'n Sendelingbedieningstrust is deur die Gereformeerde Kerke Waterkloofrand en Rietvallei opgerig. Deur middel van ruim skenkings het die Trust begin om "voorpos" Koninkryksgeleenthede finansieel te ondersteun. Die Trust stel homself ten doel om ten minste 1 000 Gereformeerdes te vind wat elkeen 'n bedrag van R100 per maand ten bate van die Trust afdra. Gemeentes is ook welkom om by die werksaamhede van die Trust betrokke te raak. Op hierdie wyse kan hulle daartoe bydra en meewerk om kosbare Koninkryksgeleenthede te benut. Meer inligting sal deur middel van 'n inligtingstuk beskikbaar gestel word.

Besluit: Kennis geneem.

3.4.3 Aanbevelings

3.4.3.1 Die Deputate benut die komende Sendingkonferensie om ekumeniese bande te bou.

3.4.3.2 Die Deputate versoek plaaslike kerke om by die verskillende projekte/ bedieninge hierbo genoem, betrokke te raak.

- 3.4.3.3 Die Deputate koördineer Gereformeerde sendingwerk in Afrika.
- 3.4.3.4 Kerke wat in die buiteland tov Sendingwerk en bediening betrokke is of wil raak moet met die nuwe Deputate oorleg pleeg ter wille van koördinering.
- 3.4.3.5 Die Deputate verreken die neerslag van die verslag oor die Afrika-toer in samewerking met die NG en NH kerke in hulle werksaamhede.
- 3.4.3.6 Individue en kerke van die GKSA word opgeroep om die werksaamhede van die Sendelingbedieningstrust te ondersteun.
- 3.4.3.7 Die versoek van die Gereformeerde Kerke in Ivoorkus om ekumeniese eenheid met die GKSA word deur die Deputate hanteer.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig by 3.4.3.1. (Wysiging is hierbo aangebring.)

3.5 First Evangelical Presbyterian Reformed Church in Singapore (FEPRCS)

- 3.5.1 *Opdrag:*** (1) Daar word opdrag aan die nuwe Deputate gegee om ondersoek in te stel na ekumeniese kontak met die FEPRC in Singapoer. (2) Die Deputate moet ook kontak maak met die PRCA met wie die FEPRC noue bande het (Acta 2003:195).

Besluit: Kennis geneem.

- 3.5.2 Uitvoering van die opdrag**

Omstandighede was nie gunstig vir enige ter plaatse kontak deur die Deputate met die FEPRCS nie. Dit was nie vir die Deputate op besoek aan die VSA binne die finansiële begrensing moontlik om die opdrag uit te voer nie.

Besluit: Kennis geneem.

- 3.5.3 Aanbevelings**

Die opdrag soos in 3.5.1 word aan die Deputate opgedra.

Besluit: Goedgekeur.

3.6 Samen-op-weg Kerke

- 3.6.1 *Opdrag:*** (1) Ekumeniese kontak met die Samen-op-weg kerke moet verdere aandag kry (2) Die Deputate moet die volgende sitting van die REC in Nederland bywoon en die geleentheid gebruik om die ondersoek voort te sit (Acta 2003:197).

Besluit: Kennis geneem.

- 3.6.2 Uitvoering van die opdrag**

- 3.6.2.1 Die Samen-op-weg Kerke het gedurende 2003-4 'n nuwe kerkformasie gevorm met die naam *De Protestantse Kerk in Nederland* (PKN).
- 3.6.2.2 In die PKN is daar steeds verskeie modaliteite soos veral verteenwoordig deur die Gereformeerde Bond en die Christelike Gereformeerde Beraad.
- 3.6.2.3 Skakeling is tot dusver bemoeilik agt die verspreiding van 'n verskeidenheid van kerklike faksies wat in die PKN gehuisves word.

Besluit: Kennis geneem.

- 3.6.3 Aanbeveling**

Kontak met die PKN word deur die Deputate verder gevoer.

Besluit: Goedgekeur.

3.7 Reformed Presbyterian Church of Central and Eastern Europe (RPCCEE) en Karolyi Gaspar Institute of Theology and Missions (KGITM)

- 3.7.1 *Opdrag:*** (1) Die ekumeniese kontak wat tot stand gekom het, word waar dit prakties moontlik is, voortgesit (Acta 2003:203).

Besluit: Kennis geneem.

3.7.2 Uitvoering van die opdrag

Dit was nie vir die Deputate prakties moontlik om verdere kontak te bewerkstellig nie.

Besluit: Kennis geneem.

3.7.3 Aanbeveling

Die opdrag soos in 3.7.1 word gekontinueer

Besluit: Goedgekeur.

3.8 Presbyterian Church America (PCA)

3.8.1 *Opdrag: Ekumeniese eenheid word aan die PCA gebied (Acta 2003:206-207).*

Besluit: Kennis geneem.

3.8.2 Uitvoering van opdrag

3.8.2.1 'n Ontmoeting van prof Ale R du Plooy en dr DG Breed met lede van die PCA kon op 9-10 Junie in Atlanta, VSA plaasvind.

3.8.2.2 Die lede met wie gesprek gevoer is, was dr Roy Taylor, die "Stated Clerk" van die "General Assembly" van die PCA en ds Theo van Blerk, lid van die Interchurch Relations Committee van die PCA.

3.8.2.3 Afskrifte van enkele en relevante besluite van Sinode 2003 is in Engels aan hulle beskikbaar gestel.

3.8.2.4 In die Handelinge van Sinode 2003:206-207 blyk dit dat korrespondensie (ekumeniese eenheid) aan die PCA aangebied moet word.

3.8.2.5 Die Deputate het ná indringende gesprek met genoemde verteenwoordigers van die PCA, asook in die lig van inligting oor die stand van sake in die PCA, tot die gevolg trekking gekom dat die GKSA vir eers 'n versigtiger weg moet volg. Die rede hiervoor is veral die volgende:

Tans is daar 'n ernstige gesprek en selfs spanning in hulle geledere aan die gang oor sake soos die gesag van die Westminster konfessie – veral oor die interpretasie van bepaalde artikels. Verskil van mening bestaan oor die bindende krag van die konfessie, oor die bedoeling van die ondertekening, veral tov die skeppingsdae, die Sabbat en die leer oor die regverdigmaking.

3.8.2.6 Die Deputateoordeel derhalwe dat die GKSA op hierdie stadium nie moet oorgaan tot 'n die aanbod vir ekumeniese eenheid nie, maar hierdie kerklike verhouding voorlopig moet beperk tot ekumeniese bande. Dit sou egter steeds belangrik wees dat verdere gesprek met die PCA gevoer moet word – veral in die lig van die besluite van die General Assembly wat laat in Junie 2004 in Pittsburgh plaasgevind het.

Besluit: Kennis geneem.

3.8.3 Aanbevelings

3.8.3.1 Die Deputate bly op hoogte van die besluite en ontwikkelinge in die PCA, veral dmv kommunikasie met ds Theo van Blerk.

3.8.3.2 Die GKSA volstaan in die lig van 3.8.2, met die uitbouing van ekumeniese bande met die PCA.

Besluit: Goedgekeur.

4. Kontak met Ekumeniese Vergaderings

4.1 Reformed Ecumenical Council (REC)

4.1.1 *Opdrag: (1) Die GKSA gaan voort met samewerking met die REC by wyse van waarnemers en werk waar moontlik saam in die werksaamhede van die REC. (2)*

Twee afgevaardigdes woon die sitting van die volgende REC in Nederland as waarnemers by (Acta 2003:189, 3.2.4).

Besluit: Kennis geneem.

4.1.2 Uitvoering van Opdrag

Die Deputate het die Deputate wat vir kerke in Europa en die VK ekumenies verantwoordelik is, dr CJ Smit en prof A le R du Plooy, afgevaardig. Omdat prof Du Plooy sy sending kon combineer met ander werk waarvoor hy verantwoordelik is, het dit geen koste van die Deputate vir sy afvaardiging gevorg nie, daarom kon die Deputate bykomend vir ds CB Swanepoel afvaardig.

Besluit: Kennis geneem.

4.1.3 Rapport oor die REC

- 4.1.3.1 Tans ondersoek die REC 'n nouer verhouding met die Wêreld Alliansie van Gereformeerde Kerke (WARC).
- 4.1.3.2 In die plenière sessies is besprekings na aanleiding van die volgende rapporte gehou: Teologiese Opleiding, Jeug en Christelike Opvoeding, Missie en Diakonia, Menseverhoudinge, Geloofspluralisme, Kerk, Staat en die Koninkryk van God en Teologiese Opleiding in 'n Plurale Gemeenskap.
- 4.1.3.3 Groepsbesprekings is tussen�� gehou, wat ook die geleentheid gebied het om individueel met verteenwoordigers van verskeie kerkgemeenskappe oor die wêreld samesprekings te kon hou.
- 4.1.3.4 Die Deputate het tot die besef gekom dat ekumeniese liggame soos die REC grotendeels gespreksforums is in belang van ekumenisiteit.

Besluit: Kennis geneem.

4.1.4 Aanbeveling

- 4.1.4.1 Die GKSA behou sy waarnemerstatus en stuur weer afgevaardigdes na die volgende vergadering van die REC.
- 4.1.4.2 Die nuwe Deputate kry opdrag om die roeping en deelname van die GKSA ten opsigte van ekumeniese liggame en bewegings te formuleer.

Besluit: Goedgekeur.

4.2 International Conference of Reformed Churches (ICRC)

- 4.2.1 *Opdrag: (1) Daar word voortgegaan met die proses om lidmaatskap te verkry van die ICRC. (2) Die besluit van Sinode 2000, om by wyse van kerklike ramings die ledegeld te betaal, word bevestig. (3) Twee Deputate word deur die Sinode afgevaardig na die ICRC 2005. (4) Die ICRC 2005 word wyd bekendgestel onder die GKSA om deelname en ondersteuning aan te moedig. (5) Die nuwe Deputate vir Ekumenisiteit: Buitelandse Kerke kry opdrag "om deurlopend kontak te maak met Gereformeerde Buitelandse Kerkgemeenskappe oor sake van dringende en algemene belang kragtens KO art 49". (6) Daar word veral aandag gegee aan sendingkoördinering deur die ICRC (Acta 2003:187).*

Besluit: Kennis geneem.

4.2.2 Uitvoering van opdrag

- 4.2.2.1 Die Deputateoordeel dat die kontinuïteit van die proses vir lidmaatskap wat reeds ses jaar gelede deur ds BCG Fourie en dr CJ Smit begin is, voortgesit moet word.
- 4.2.2.2 Die ICRC is in Pretoria gedurende Oktober 2005 gehou. Benewens dr CJ Smit en ds BCG Fourie het enkele ander Deputate en belangstellendes gedeeltes van die Kongres bygewoon. Die Kongres is gereël deur die VGKSA in

samewerking met die Interim Komitee van die ICRC gereël. Die volgende Kongres word DV in 2009 in Nieu Seeland aangebied.

- 4.2.2.3 Bykans al die kerke in ekumeniese eenheid met die GKSA het die Kongres as lede bygewoon. Kerkgemeenskappe wat as lede van die Kongres toegelaat is, is die volgende: GKSA, Eglise Reformee Confessante au Congo, Iglesias Reformada de Espana.
- 4.2.2.4 Die aansoek van die GKSA het indringende bespreking uitgelok. Die aanvanklike Kommissierapport het gestel dat die GKSA eers in 2009 as 'n volle lid toegelaat word, met die uitdruklike voorwaardes dat (a) die Sinode met 'n "overwhelming majority" standpunt inneem teen vrouelidmate in die amp van ouderling en predikant en dat (b) die GKSA sy bande met die CRCNA terstond verbreek.
- 4.2.2.5 Uiteindelik is die voorwaardes op voorstel van die CGKNN en die FCS se afgevaardigdes laat vaar en is die GKSA as volle lid met 'n stemming van 22/1 toegelaat.
- 4.2.2.6 Prof Derick Mashau is as lid van die Interim Komitee van die ICRC vir sending aangewys.

4.2.2.7 Aansoeke wat nie geslaag het nie:

- 4.2.2.7.1 Free Church of Scotland (Continuing)

Die groep wat in 2000 afgeskei is van die FCS is onder die naam FCS (Continuing) bekend. Die hangende hofsaak en Appelle teen die FCS oor die naam van hierdie kerkgemeenskap ten opsigte waarvan hulle stel dat hulle die ware voortsetting van die FCS is en die eiendomsreg op eiendomme het, het die FCS(Cont) se aansoek negatief beïnvloed.

- 4.2.2.7.2 United Reformed Churches in Myanmar en Nongo u Kristu ken Sudan hen Tiv. Hulle kon nie aan die vereistes voldoen om twee borge daar te stel nie.

- 4.2.2.8 Waarnemers by die ICRC waarmee kontak gemaak en gesprek gevoer is, sluit in: Gereformeerde Kerk in Swede, afgevaardigdes uit Etiopië en Japan.

- 4.2.2.9 Die sentrale tema wat tydens die kongres aangebied is, was *Die Koningskap van Jesus Christus*. Drie temas en gevolglike werkswinkels is geleei deur Prof Hans Maris van Nederland, dr Arjan de Visser van Hamilton (Kanada), Rev David Robertson van Skotland en Rev Yonson Dethan van Timor, Indonesië. In die temas en werkswinkels is die toepassing van die tema in die kerk en op die sendingveld ondersoek.

- 4.2.2.10 Kontak met kerke in ekumeniese eenheid

Kontakgesprekke is met afgevaardigdes van kerke in ekumeniese eenheid gevoer. Oor elkeen van hierdie kerke word afsonderlik elders in die Rapport gehandel.

Besluit: Kennis geneem.

4.2.3 Aanbevelings

- 4.2.3.1 Die Sinode spreek sy dank en waardering uit dat die GKSA as lid van die ICRC aanvaar is.
- 4.2.3.2 Die Sinode spreek sy gelukwensing uit aan prof Mashau wat as lid van die Interimkomitee vir sending aangewys is.
- 4.2.3.3 Afgevaardigdes word deur die Deputate aangewys om die volgende ICRC by te woon.
- 4.2.3.4 Die hartlike samewerking met die werksaamhede van die ICRC word bevestig deur voluit deel te neem aan die aktiwiteite van die ICRC soos uitgedruk in streekskonferensies en sendingkonferensies.

- 4.2.3.5 Aan die Deputate word opgedra om kontak met die Interim Komitee te behou. Advies en voorstelle moet deur die Deputate voorberei word na gelang van omstandighede en behoefté met die oog op die volgende ICRC in 2009.

Besluit: Goedgekeur.

4.3 World Reformed Fellowship (WRF)

- 4.3.1 Opdrag:** (1) Die GKSA aanvaar ten volle deelname in die werksaamhede van die WRF. (2) Die ledegeld van die WRF word deur ramings verhaal soos die geval is met die ICRC. (3) Twee lede word afgevaardig na die onderskeie streeks- en internasionale konferensies soos van toepassing (Acta 2003:190).

Besluit: Kennis geneem.

4.3.2 Uitvoering van opdrag

Dr Flip Buys is op die Interim Komitee van die WRF aangewys en kontak word deur hom met dié liggaam onderhou. Die GKSA se aansoek om lidmaatskap dien by die Kongres wat in Maart 2006 in die RSA gehou word.

Besluit: Kennis geneem.

4.3.3 Aanbevelings

- 4.3.3.1 Die aansoek word ingedien by die Kongres van 2006.
4.3.3.2 Die aansoek om lidmaatskap by die WRF word gedoen met inagneming van die finansiële implikasies.
4.3.3.3 Die Deputate stuur afgevaardigdes na kongresse op streeks- en internasionale vlak.

Besluit: Goedgekeur.

4.4 AEA & TEASA

- 4.4.1 Opdrag:** Die nuwe Deputate kry opdrag om by die werksaamhede van die AEA en TEASA as waarnemers betrokke te bly en op die vlak gereformeerde insette te bly lewer (Acta 2003:191).

Besluit: Kennis geneem.

4.4.2 Uitvoering van opdrag

Geen vergadering van die organisasies kon in die afgelope termyn bygewoon word nie.

Besluit: Kennis geneem.

4.4.3 Aanbeveling

Die opdrag in 4.4.1 word herhaal.

Besluit: Goedgekeur.

4.5 Die Gereformeerde Bond en die Konfessioneel Gereformeerde Beraad

- 4.5.1 Opdrag:** (1) Die Deputate ondersoek die kerkregtelike vraagstuk van hoe die GKSA 'n ekumeniese verhouding kan aangaan met konfessionele groep(e) in 'n kerkgemeenskap (2) Die Deputate voer gesprek met die GB en CGB oor die raakvlakte van hulle sendingbetrokkenheid en –belangstelling in Afrika (Acta 2003:202).

Besluit: Kennis geneem.

4.5.2 Uitvoering van die opdrag

Geen direkte kontak kon in die afgelope termyn gemaak word nie.

Besluit: Kennis geneem.

4.5.3 Aanbevelings

- 4.5.3.1 Die opdrag in 4.5.1 gekontinueer word.

- 4.5.3.2 Dat gesprekke met die Gereformeerde Bond en die Konfessioneel Gereformeerde Beraad, voortgaan.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig. (Wysigings is hierbo aangebring.)

5. Uitvoering van ander besluite

5.1 Brosjure

- 5.1.1 **Opdrag:** (1) Die brosjure word opgegradeer – met foto's ens ter illustrasie (2) 'n Oplaag van 2 000 word gedruk en beskikbaar gestel deur die nuwe Deputate aan alle persone wat kontak maak met ander kerkgemeenskappe (Acta 2003:211).

Besluit: Kennis geneem.

5.1.2 Uitvoering van opdrag

Die nuwe brosjure is saamgestel.

Besluit: Kennis geneem.

5.2 Kennisgewing van besluite aan kerke in Ekumeniese eenheid

Die Sinode neem kennis

Al die tersaaklike besluite van Sinode 2003 is vertaal en aan die betrokke instansies van die kerkgemeenskappe gestuur. Die volledige Acta is ook versend.

Besluit: Kennis geneem.

5.3 Descensus

- 5.3.1 **Opdrag:** (1) Die Nasionale Sinode gee opdrag aan die Deputate Ekumeniese Sake om hierdie saak steeds met ander Gereformeerde Kerke in ekumeniese verband (2) op te neem en terug te rapporteer aan die volgende Sinode. (3) Die konsepbewoording word in die kerke gebruik met die oog op toetsing daarvan (Acta 2003:559, 5,6).

Besluit: Kennis geneem.

5.3.2 Besluit van die GKSA (Sinode 2003)

Die GKSA het besluit om 'n plaasvervangende bewoording van die *descensus* in die *Apostolicum* en die *Atanasium* in konsep vir toetsing deur die kerke te aanvaar (Acta 2003:559, 3, 4).

Dié konsepbewoording dien as 'n basis om 'n nuwe bewoording in die plek van die tradisionele *descensus* [*en neergedaal het na die hel;*] aan Sinode 2006 vir 'n besluit voor te lê:

In die *Apostolicum*:

"wat die angste van die hel tot in die dood toe ondergaan het"

In die *Atanasium*:

"en só die angste van die hel, tot in die dood toe, ondergaan het"

5.3.3 Die agtergrond oorsigtelik (vgl Acta 2000:419)

- 5.3.3.1 Die tradisionele formulering gee nie 'n korrekte uitdrukking aan die bedoeling van die bewoording nie, en gee aanleiding tot teologiese misinterpretasie en misverstand.
- 5.3.3.2 Die tradisionele formulering, "*descendit in inferna*", kom nie in die oorspronklike *Apostolicum* voor nie. Na ongeveer drie eeue van die bestaan van die *Apostolicum* kom dit vir die eerste keer in die Acta van die Ekumeniese Sinode van Sirmium (359) en die Konsilie van Nicea in Thracië (359) voor.

- 5.3.3.3 In 390 het Rufinus, ‘n priester van Aquilea, dit opgeneem in sy *Expositio Symboli Apostolici*, en wel in die plek van “sepultus” (begrawe is). Hieruit blyk dat “sepultus” en “descendit in inferna” toe as sinonieme beskou is.
- 5.3.3.4 In 750 is die teks van die *Apostolicum* finaal vasgestel en die frase “descendit in inferna” het toe finaal sy plek naas “sepultus” gekry. Dit het aanleiding tot die geloof gegee dat Christus Hom na sy sterwe in die verblyfplek van die dooies (*sheol/hades*) bevind het, wat later vervang is met die geloof dat Christus die hel (*gehenna*) besoek het en daar die oorwinning oor Satan en die dood behaal het (die Evangelie van Nikodemus, hfst 13–21).
- 5.3.3.5 In die tyd van die Reformasie was daar talle leerstellige debatte en polemiese oor die interpretasie van hierdie artikel. Tussen 1580 en 1720 was daar nie minder nie as 34 Lutherse, 16 Gereformeerde en 4 Rooms-Katolieke ondersoeke hieroor. Bucer interpreer byvoorbeeld hierdie artikel in 1536 histories en beskou Christus se grafstelling as sinoniem met die neerdaling. Luther betrek die neerdaling op Jesus se lyding in Getsemane en Golgota; Calvyn neem hierdie siening van hom oor (Institusie 2.16.8). Hy erken dat hierdie artikel eers later ingevoeg is, dat sommige kerkvaders elkeen hulle eie vertolking daaraan gegee het en dat ander, soos Augustinus, dit heeltemal weggelaat het. Hy verkies “hel” as vertaling van “inferna” en verklaar hierdie artikel as Christus se hellesmart aan die kruis, met die verskriklike dieptepunt daarvan as die Godsverlating. Hierdie verklaring het sy neerslag gevind in die Heidelbergse Kategismus 16:44.
- 5.3.3.6 Die descendus word in die Konfessie en Groot Kategismus van Westminster nog anders opgevat: Hy is begrawe en verkeer tot die derde dag in die staat van die dooies en in die mag van die dood.

Besluit: Kennis geneem.

5.3.4 Hantering van die probleem deur verskillende Gereformeerde Kerke
(vgl Acta 2003:421)

- 5.3.4.1 In 1970 het die *Commission on English Texts* (ICET) van die hoofstroomkerke in die Engelssprekende Gereformeerde wêreld “He descended into hell” vervang met “He descended to the dead.”
- 5.3.4.2 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het in 1986 die vertaling “neergedaal het na die hel” verander na “ter helle neergedaal” – om die eintlike betekenis daarvan beter uit te druk in ooreenstemming met die historiese en Skriftuurlike gegewens.
- 5.3.4.3 Die Presbyterian Church in Korea het hierdie woorde reeds in ‘n vroeë stadium uit die *Apostolicum* weggelaat omdat dit met die leer van die vasevuur van die RKK verwarr sou kon word.
- 5.3.4.4 Die Rooms Katolieke Kerk en die Protestantse Kerke in Duitsland het hierdie artikel intussen ook verander na “neergedaal na die doderyk.”
- 5.3.4.5 Die Christian Reformed Churches of Australia het in 1997 dié voetnoot by die descendus gevoeg: “by this we understand that Christ suffered the Godforsaken agony of hell on the cross”, en in 2003 is op ‘n substituut besluit wat kerke vir liturgiese doeleindeste kan gebruik: “having suffered the torments of Hell.”

- 5.3.4.6 Ook die Reformed Churches of Nieu Seeland het op 'n verduidelikende nota by die *descendus* besluit.
- 5.3.4.7 Die Reformed Ecumenical Council het in 2000 besluit om die tradisionele bewoording te laat soos dit is, want "*the problem is more a matter of language than of doctrine*", en "*any departure from it should be unilateral*", en ook gesê dat "*churches using a common language should endeavour to use an agreed version*".
- 5.3.4.8 In die familie van die Baptiste en Presbiteriaanse Kerke in die VSA is die neiging al hoe meer om die *descendus* eenvoudig weg te laat.

Besluit: Kennis geneem.

5.3.5 Reaksie op versoek om kommentaar

Die besluit van Sinode 2003 is vir kommentaar aan al die kerke in ekumeniese eenheid, met ekumeniese bande en sommiges met ekumeniese kontak (deur die Konvent en die ICRC), sowel as aan al die predikante, kerkrade en theologiese professore van die GKSA voorgelê. Verskeie kommentare van kerkgemeenskappe en individue is deur die Deputate ontvang.

Besluit: Kennis geneem.

5.3.6 Versoek van die Tussenkerklike Raad

Die GKSA word versoek om die resultaat van hulle Deputate se werk in dié verband deur te voer na die TKR, sodat getrag word om 'n gesamentlike bewoording vas te stel wat vir die goedkeuring aan die onderskeie Sinodes en Algemene Vergadering voorgehou kan word en wat daarna in die beoogde gesamentlike nuwe vertaling van die Belydenisskrifte opgeneem kan word.

Besluit: Kennis geneem.

5.3.7 Ter kennisname

- 5.3.7.1 As 'n samevatting van die proses tot en met Sinode 2003 word gestel dat die tradisionele bewoording *en neergedaal het na die hel* 'n laat-toevoeging uit ongeveer die 5de eeu nC is en dat daar geen Bybelse gronde vir die letterlike betekenis van die bewoording is nie. In die Heidelbergse Kategismus is die probleem wat deur die bewoording geskep is met 'n aanvaarbare verklaring ondervang. Hierdie verklaring lui dat die frase op die helse smarte dui wat Christus deur sy hele lewe en veral aan die kruis gely het. Desondanks bly die bewoording van die frase vir misverstand vatbaar, en moet dit verkieslik gewysig word. Vandaar die konsepbewoording: *wat die angste van die hel tot in die dood toe ondergaan het*.
- 5.3.7.2 Om die ekumeniese band in die betrokke frase wêreldwyd met kerke te handhaaf (ook Gereformeerde Kerke) wat die tradisionele bewoording behou, én ter wille van die historiese feit dat die tradisionele bewoording deur eeue se geslagte van gelowiges behou is, moet die frase nie bloot weggelaat word nie.
- 5.3.7.3 'n Gewysigde bewoording moet die gedagte wat in die frase lê, soos dit deur die Heidelbergse Kategismus verklaar word, weergee.
- 5.3.7.4 Om dieselfde redes moet die gewysigde bewoording nie verskuif word om byvoorbeeld as inleidende artikel vir die frase oor die lyding te dien nie.

Besluit: Kennis geneem.

5.3.8 Aanbevelings

- 5.3.8.1 Die Sinode kontinueer die opdrag aan die Deputate Ekumenisiteit: Buitelandse om:
- 5.3.8.1.1 'n meer verteenwoordigende bydrae van kerke in ekumeniese eenheid en kerke met ekumeniese bande en ekumeniese kontak te verkry.

5.3.8.1.2 gevolg te gee aan die versoek van die TKR sodat getrag word om ‘n gesamentlike bewoording vas te stel wat vir die goedkeuring aan die onderskeie Sinodes en Algemene Vergadering voorgehou kan word en wat daarna in die beoogde gesamentlike nuwe vertaling van die Belydenisskrifte opgeneem kan word.

5.3.8.1.3 aan die volgende Sinode te rapporteer.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig by 5.3.8.1.2. (Wysigings is hierbo aangebring.)

5.4 Uitnodiging van Deputate en waarnemers

5.4.1 Die Sinode neem kennis

Uitnodigings is gerig aan al die kerkgemeenskappe met wie ekumeniese eenheid onderhou word asook die kerkgemeenskappe met wie ekumeniese bande bestaan – om Deputate en waarnemers te stuur.

Besluit: Kennis geneem.

5.4.2 Die Sinode besluit

Die Deputate en waarnemers word hartlik verwelkom in die Sinode en kry geleentheid om groete oor te dra aan die Sinode en deel te neem aan gesprekke soos vasgestel deur die moderamen.

Besluit: Goedgekeur.

5.5 Finansies

5.5.1 Die Sinode neem kennis

5.5.1.1 Erkenning word aan die Professore en die leraars verleen wat dikwels uit ander fondse as die verpligte kollekte-inkomste besoeke aan buitelandse kerkgemeenskappe gebring het waar dit met ander opdragte saamgeval het.

5.5.1.2 Gekombineerde besoeke is deur die Deputate gebring om kostes te bespaar.

5.5.1.3 Dank word teenoor die kerke uitgespreek vir die verpligte kollekte per jaar waarmee hierdie werk op ekumeniese gebied moontlik gemaak is.

Besluit: Kennis geneem.

5.5.2 Aanbevelings

5.5.2.1 Die Sinode begroot weer vir die werksaamhede van die Deputate deur

5.5.2.1.1 een verpligte kollekte per jaar vir uitvoering van opdragte ten opsigte van buitelandse kerkgemeenskappe; en

5.5.2.1.2 reiskoste, daggeld en ander noodsaaklike verpligtinge uit die Sinodekas.

5.5.2.2 Voorsiening word gemaak vir die kerke se gesamentlike verantwoordelikheid ten opsigte van die bediening in Londen deur een verpligte kollekte per jaar.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig by 5.5.2.2. (Wysiging is hierbo aangebring.)

5.6 Notules, verslae, groeteboodskappe en korrespondensie

5.6.1 Al die dokumente is vir insae beskikbaar.

5.6.2 Al die dokumente word vir bewaring in die argief geplaas.

Besluit: Kennis geneem.

5.7 Maatstaf vir ekumenisiteit

5.7.1 Ekumeniese bande word opgeneem met kerke wat met die GKSA een is in leer, diens en tug (KO, art 85)

- 5.7.2 Middelmatige verskille behoort nie in die weg te staan van ekumeniese eenwording nie.
- 5.7.3 Die praktiese betekenis van ekumenisiteit word vergestalt in sake soos: attestasie en beroepbaarstelling; uitnodiging na mekaar se sinodes; insette in mekaar se besluitneming.
- 5.7.4 Dit word aanbeveel dat die betekenis van ekumenisiteit met betrekking tot spesifieke sake in byvoorbeeld Kerkbladartikels en by wyse van kort inligtingstukke aan kerkrade, bekend gemaak word.

Besluit: Goedgekeur.

5.8 Bekragtiging van die ekumeniese eenheid tussen die GKSA en die OPC

Dr CJ Smit rig 'n woord waarin diepe dankbaarheid uitgespreek word oor die formele totstandkoming van ekumeniese eenheid tussen die GKSA en die OPC.

Die Sinode sing Rev dr George Knight III Ps 133:1,2 toe, waarna dr Smit voorgaan in 'n gebed van danksegging.

Die Moderamen bevestig die eenheid deur almal Rev dr George Knight III met 'n handdruk te verwelkom.

Rev dr George Knight III rig 'n woord van dank aan die Sinode.

Ds DJ de Kock bedank Rev dr George Knight III namens die Sinode.

5.9 Bekragtiging van ekumeniese eenheid tussen die GKSA en die GKN(v)

Dr CJ Smit rig 'n woord tot die Sinode en in die besonder tot di Henk ten Brinke en Eric de Boer as verteenwoordigers van die GKN(v). Hy beklemtoon die rede vir die blydschap oor elke teken van eenheid van die kerk van die Here wêreldwyd – teen die agtergrond van die kerkverskeurdheid dwarsoor die wêreld. Hy wys daarop dat die GKSA hom deur al die jare vir eenheid in die kerk beywer het, trouens, dat dit die hoofdoel van ekumenisiteit vir die GKSA is. Hy spreek die Sinode se diepe dankbaarheid en blydschap uit oor die formele band van ekumeniese eenheid wat tussen die GKSA en die GKN(v) tot stand gekom het, waardeur 'n jarelange eenheid nou tot uitdrukking kom.

Die Sinode sing Ps 87:1,2,4 en 5, daarna gaan dr Smit voor in 'n dankgebed.

Die Moderamen bevestig die eenheid deur almal die twee afgevaardigdes van die GKN(v) met 'n handdruk te verwelkom.

Di H ten Brinke en E de Boer rig 'n dank- en groeteboodskap tot die Sinode.

Prof A le R du Plooy bedank die sprekers.

15. Emeritaatsversorging

Die Deputate lê die volgende Rapport aan die Sinode voor.

15.1 RAPPORT DEPUTATE EMERITAATSVERSORGING: KRAGTENS KERKORDE, ARTIKELS 11, 13 en 20 (Art 111)

- A. Ds LH van Schaik stel die Rapport.
- B. **Besluit:** Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

(Notules van die handelinge van die Deputate word as ongepubliseerde Bylaes bygevoeg.)

In hierdie afdeling word oor die algemene werk van die Deputate kragtens sy opdrag aan die Sinode gerapporteer.

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

1.1 Vergaderings

- 1.1.1 Die Deputate Emeritaatsversorging (verkose lede Trustees en soos benoem) het minstens drie maal per jaar vergader om sake rakende PPF, EVT en Mediese aangeleenthede af te handel en aan opdragte uitvoering te gee. Notules van die handelinge van die Deputate word as ongepubliseerde Bylaes bygevoeg.
- 1.1.2 Konsultante van ABSA, SANLAM, mCubed (nou Advantage) en Liberty Mediese Skema het jaarliks met die Deputate vir voorleggings vergader.

Besluit: Kennis geneem.

1.2 Interne werksaamhede

- 1.2.1 Ter aanvang van werksaamhede deur die Trustees vir die huidige termyn is 'n opleidingsgeleentheid rakende pligte en verantwoordelikhede van Trustees en aanverwante sake gereël en aangebied.
- 1.2.2 Benewens 'n werksverdeling in Kommissies om sake rakende PPF, EVT en Mediese aangeleenthede deurlopend te hanteer, is ook die volgende Komitees benoem om die vlak van werksaamhede te verhoog: Ouditkomitee, Koöperatiewe komitee (om op hoogte van pensioenwet, reglemente, ens te bly) en Dagbestuur (om bestuurs-funksioneel die werksaamhede van die Trustees te moniteer en te laat vlot).
- 1.2.3 Deurlopend is per vergadering aandag aan die uitvoering van Sinode-opdragte met behulp van 'n standaardprosedurelys gegee.
- 1.2.4 'n Vraelys vir selfevaluering van Trustees is in gebruik geneem om twee maal per jaar die werksaamhede van hierdie Trustees toetsend aan die hand daarvan te verfyn en op 'n hoë standaard te hou.

Besluit: Kennis geneem.